is or will be carried on: Provided that where such licence is valid for the whole Province such application shall be submitted to the secretary of the licensing board where the business premises of such business is or will be situated or if there is no such business premises, to the secretary of the licensing board in whose area the municipality of Pretoria is situated.

(2) Together with an application referred to in subsection (1) there shall be submitted —

- (a) such application fee as may be prescribed for the consideration of the application;
- (b) a plan approved by the competent authority of the building or part of the building in which the business is or will be carried on, or where the goods with which the business is or will be carried on are or will be kept or stored or, if the building has not yet been erected, or if erected and any addition or alteration is to be made thereto, as such building or part thereof will be after erection, addition or alteration, as the case may be, and on which such particulars as may be prescribed are clearly shown;
- (c) any authority whether by way of a licence, permit, certificate, registration or otherwise (or a certified copy thereof) which the applicant may require in terms of any other law to carry on the business concerned or to use or occupy the premises or place concerned for that purpose; and
- (d) such other documents and particulars as may be prescribed.

(3) The provisions of subsection (2)(b) shall not apply to any such business as the Administrator may prescribe.

Notice of submission of an application for new licence.

13.(1) After submission of an application as contemplated in section 12(1), the applicant concerned shall give such notice thereof as may be prescribed in respect of any particular licence or licences in general.

(2) If an applicant fails to give notice as contemplated in subsection (1), the chairman of the licensing board concerned may, at the request of such applicant, condone such failure if such chairman is of the opinion that no person, including the State or a local authority has been materially prejudiced thereby.

Duty of secretary of licensing board to obtain certain reports, information and recommendations.

14. Upon the receipt of an application for a new licence, the secretary of the licensing board concerned shall forthwith —

- (a) request the District Commandant of the South African Police for the area where the business is or will be carried on to furnish a report in which it is stated whether anything is known concerning the applicant and the person who is or will be in actual and effective control of the business, that should be brought to the notice of such licensing board;

gedryf word of sal word, ingedien: Met dien verstande dat waar sodanige lisensie vir die hele Provinsie geld, word sodanige aansoek by die sekretaris van die lisensieraad waar enige besigheidperseel van sodanige besigheid geleë is of sal wees, of waar daar geen sodanige besigheidperseel is nie, by die sekretaris van die lisensieraad in wie se gebied die munisipaliteit van Pretoria geleë is, ingedien.

(2) Saam met 'n aansoek in subartikel (1) genoem, word daar ingedien —

- (a) sodanige aansoek geld wat vir die oorweging van die aansoek voorgeskryf mag word;
- (b) 'n plan deur die bevoegde owerheid goedgekeur, van die gebou of gedeelte van die gebou waarin die besigheid gedryf word of sal word of waar die goedere waarmee die besigheid gedryf word of sal word, gehou of opgeberg word of sal word, of as die gebou nog nie opgerig is nie of indien die gebou opgerig is en enige aanbouing of verandering daaraan aangebring gaan word, soos sodanige gebou of gedeelte daarvan na oprigting, aanbouing of verandering sal wees, na gelang van die geval, en waarop sodanige besonderhede as wat voorgeskryf word, duidelik aangedui word;
- (c) enige magtiging, hetsy by wyse van 'n lisensie, permit, sertifikaat, registrasie of andersins of 'n gesertifiseerde afskrif daarvan, wat ingevolge enige ander wet wat deur die aansoeker benodig mag word om die betrokke besigheid te dryf of om die betrokke perseel of plek vir daardie doel te gebruik of te okkupeer; en
- (d) sodanige ander dokumente en besonderhede as wat voorgeskryf mag word.

(3) Die bepalinge van subartikel (2)(b) is nie van toepassing nie op enige sodanige besigheid as wat die Administrateur voorskryf.

Kennis-gewing van indiening van 'n aansoek om 'n nuwe lisensie.

13.(1) Na die indiening van 'n aansoek soos in artikel 12(1) beoog, gee die betrokke aansoeker sodanige kennis daarvan as wat voorgeskryf word ten opsigte van enige besondere lisensie of lisensies in die algemeen.

(2) Indien 'n aansoeker versuim om kennis, soos in subartikel (1) beoog, te gee, kan die voorsitter van die betrokke lisensieraad, op versoek van sodanige aansoeker, so 'n versuim verskoon indien sodanige voorsitter van mening is dat niemand, insluitende die Staat of 'n plaaslike bestuur, weselik daardeur benadeel is nie.

Plig van 'n sekretaris van 'n lisensieraad om sekere verslae, inligting en aanbevelings te verkry.

14. By ontvangs van 'n aansoek om 'n nuwe lisensie moet die sekretaris van die betrokke lisensieraad onverwyld —

- (a) die Distrikskommandant van die Suid-Afrikaanse Polisie vir die gebied waar die besigheid gedryf word of sal word, versoek om 'n verslag te verstrek waarin gemeld word of daar enigiets aangaande die aansoeker en die persoon wat in werklike en effektiewe beheer van sodanige besigheid is of sal wees, bekend is, wat onder die aandag van sodanige lisensieraad gebring behoort te word;

- (b) if the business is or will be carried on within a municipality, furnish the local authority concerned with a copy of the application and plan referred to in section 12(1) and (2)(b) respectively and shall request such local authority to furnish him with its recommendation and such information and reports, excluding the health report contemplated in section 15, on any matter referred to in section 19(2) and (3), and which is considered by the local authority concerned to be relevant to the application; and
- (c) if the business is to be carried on outside a municipality, furnish the Regional Director of State Health Services concerned with a copy of the application and plan referred to respectively in section 12(1) and (2)(b).

Duty of an applicant for a new licence to submit a health report and power of a health officer in connection therewith.

15.(1) Except where a business is or will be carried on, in, on or from business premises which is an office, an applicant shall, when submitting an application for a new licence to the secretary of a licensing board, submit, together with such application or as soon as possible thereafter, a health certificate from the health officer concerned relating to the suitability of the business premises, for the carrying on of the business concerned, with special reference to the provisions of section 19(2), and any other matter relating to public health which the health officer concerned considers to be relevant to the application.

(2) A health officer may, for the purpose of subsection (1), carry out an inspection of the business premises to which the application relates and the applicant shall be liable for any costs that the local authority or Department of Health may levy in this regard.

Objection against an application for a new licence.

16.(1) Any person, including the State or a local authority, may within such period and in such manner as may be prescribed, lodge a written objection with the secretary of the licensing board concerned against the application for a new licence.

(2) Any such objection shall comply with such requirements as may be prescribed.

(3) Subject to the provisions of subsection (4), an objection shall not be accepted for consideration by the licensing board concerned unless it complies with the requirements prescribed in terms of subsections (1) and (2) and where an objection does not comply with such requirements, the secretary of the licensing board concerned shall forthwith notify the objector thereof.

(4) Where any person who has lodged an objection with a licensing board, has failed to comply with the provisions of subsections (1) and (2), the chairman of the licensing board concerned may, at the request of such person, condone such failure if such chairman is of the opinion that no person, including the State or a local authority, will materially be prejudiced thereby.

(5) A copy of each objection referred to in subsection (1) shall within such period as may be prescribed, be served by the secretary of the licensing board concerned on the applicant.

- (b) indien die besigheid gedryf word of sal word binne 'n munisipaliteit, die betrokke plaaslike bestuur voorsien van 'n afskrif van die aansoek en plan onderskeidelik in artikel 12(1) en (2)(b) genoem, en sodanige plaaslike bestuur versoek om hom van sy aanbeveling en sodanige inligting en verslae, uitgenome die gesondheidsverslag soos in artikel 15 beoog, te voorsien oor enige aangeleentheid in artikel 19(2) en (3) genoem en wat deur die betrokke plaaslike bestuur geag word by die aansoek ter sake te wees; en
- (c) indien die besigheid gedryf sal word buite 'n munisipaliteit, die betrokke Streekdirekteur van Staatsgesondheidsdienste voorsien van 'n afskrif van die aansoek en plan onderskeidelik in artikel 12(1) en (2)(b) genoem.

Plig van 'n aansoeker om 'n nuwe lisensie om 'n gesondheidsverslag in te dien en bevoegdheid van 'n gesondheidsbeampte in verband daarmee.

15.(1) Behalwe wanneer 'n besigheid in, op, of Vanaf 'n besigheidspersoneel wat 'n kantoor is, gedryf word of sal word, verstrek 'n aansoeker, wanneer hy 'n aansoek om 'n nuwe lisensie by 'n sekretaris van 'n lisensieraad indien, tesame met sodanige aansoek of so spoedig moontlik daarna 'n gesondheidsverslag van die betrokke gesondheidsbeampte, betreffende die geskiktheid van die besigheidspersoneel vir die dryf van die betrokke besigheid, met spesiale verwysing na die bepaling van artikel 19(2), en enige ander aangeleentheid betreffende openbare gesondheid wat deur die betrokke gesondheidsbeampte geag word as ter sake by die aansoek te wees.

(2) 'n Gesondheidsbeampte kan, vir die toepassing van subartikel (1), 'n inspeksie van die besigheidspersoneel waarop die aansoek betrekking het, uitvoer en die aansoeker is verantwoordelik vir betaling van enige koste wat die betrokke plaaslike bestuur of die Departement van Gesondheid in dié verband mag hef.

Beswaar teen 'n aansoek om 'n nuwe lisensie.

16.(1) Enigiemand, insluitende die Staat of 'n plaaslike bestuur, kan binne sodanige tydperk en op sodanige wyse as wat voorgeskryf word, by die sekretaris van die betrokke lisensieraad 'n skriftelike beswaar teen 'n aansoek om 'n nuwe lisensie indien.

(2) Enige sodanige beswaar moet voldoen aan sodanige vereistes as wat voorgeskryf word.

(3) Behoudens die bepaling van subartikel (4), word 'n beswaar nie deur die betrokke lisensieraad vir oorweging aanvaar nie tensy dit aan die vereistes ingevolge subartikels (1) en (2) voldoen en waar 'n beswaar nie aan sodanige vereistes voldoen nie, stel die sekretaris van die betrokke lisensieraad die beswaarmaker onverwyld daarvan in kennis.

(4) Indien iemand wat 'n beswaar by 'n lisensieraad ingedien het, versuim het om aan die bepaling van subartikels (1) en (2) te voldoen, kan die voorsitter van die betrokke lisensieraad, op versoek van so iemand, so 'n versuim verskoon indien sodanige voorsitter van mening is dat niemand, insluitende die Staat of 'n plaaslike bestuur, wesenlik daardeur benadeel is nie.

(5) 'n Afskrif van elke beswaar in subartikel (1) genoem, word deur die sekretaris van die betrokke lisensieraad binne sodanige tydperk as wat voorgeskryf word aan die aansoeker beteken.

(6) A licensing board may of its own accord take notice of any matter or thing which in its opinion constitutes an objection to the granting of any application for a new licence, provided that the applicant be notified thereof and be afforded an opportunity to reply thereto.

Date of hearing of an application for a new licence by a licensing board.

17. After the expiry of the period for the lodging of an objection as contemplated in section 16(1), and after receipt of the reports referred to in sections 14 and 15, the chairman of the licensing board concerned shall fix the date, time and place for the hearing of the application, and thereupon the secretary of such board shall, at least 10 days before the date so fixed, notify the applicant and every person whose objection has in terms of section 16 been accepted for consideration, of such date.

Proceedings of and evidence before a licensing board in connection with an application for a new licence.

18.(1) At the hearing of an application for a new licence by a licensing board the applicant and every objector whose objection has in terms of section 16 been accepted for consideration, may appear before or submit a written argument to the licensing board concerned in connection with such application, and every person who so appears or who so submits such argument, shall be a party to such application.

(2) Every party to an application for a new licence may be represented by an advocate, an attorney or, in the case of the State or a local authority, also by a person who is in the service of the State or the local authority concerned, may give evidence and be heard either personally or through his representative, hand in any document, call any witness and cross-examine any witness called by any other party or by the licensing board.

(3) If a licensing board has reason to believe that any person has information or knowledge or is in possession of any book, document or object, relating to any matter pending before such board, that board may either at the request of any party or of its own motion, cause a summons in the form determined by the Administrator to be served on such person to appear before such board to give evidence and to produce such book, document or object.

(4) Before any person gives evidence before a licensing board, he shall take an oath or make an affirmation which shall be administered by the chairman of the licensing board concerned.

(5) In connection with the examination of any person by or before a licensing board or the giving of evidence or the production of a book, document or object to such board, the law relating to privilege as applicable to a person who has been summoned to give evidence or to produce any book, document or object before a court of law, shall apply.

(6) Any person who knowingly gives false evidence before a licensing board shall be guilty of an offence.

(7) Any person on whom a summons has been served in terms of the provisions of subsection (3) shall be guilty of an offence if he, without sufficient cause —

Datum van verhoor van 'n aansoek om 'n nuwe lisensie deur 'n lisensieraad.

(6) 'n Lisensieraad kan uit eie beweging kennis neem van enige saak of aangeleentheid wat na sy mening 'n beswaar teen die toestaan van 'n aansoek om 'n nuwe lisensie uitmaak mits die aansoeker daarvan verwittig word en 'n geleentheid gegun word om daarop te antwoord.

17. Na verstryking van die tydperk vir die indiening van enige beswaar soos in artikel 16(1) beoog, en na ontvangs van die verslae in artikels 14 en 15 genoem, stel die voorsitter van die betrokke lisensieraad die datum, tyd en plek vir die verhoor van die aansoek vas, en gee die sekretaris van sodanige raad minstens 10 dae voor die datum wat aldus vasgestel is, daarvan kennis aan die aansoeker en aan elke persoon wie se beswaar ingevolge artikel 16 vir oorweging aanvaar is.

Verrigtinge van en getuienis voor 'n lisensieraad in verband met 'n aansoek om 'n nuwe lisensie.

18.(1) By die verhoor van 'n aansoek om 'n nuwe lisensie deur 'n lisensieraad kan die aansoeker en elke beswaarmaker wie se beswaar ingevolge artikel 16 vir oorweging aanvaar is, voor die betrokke lisensieraad verskyn of 'n skriftelike betoog aan sodanige raad voorlê in verband met sodanige aansoek en elkeen wat aldus verskyn of aldus sodanige betoog voorlê is 'n party by sodanige aansoek.

(2) Elke party by 'n aansoek om 'n nuwe lisensie kan deur 'n advokaat, 'n prokureur of, in die geval van die Staat of 'n plaaslike bestuur, ook deur iemand wat in diens van die Staat of die betrokke plaaslike bestuur is, verteenwoordig word, kan getuienis lewer en of persoonlik of deur sy verteenwoordiger gehoor word, enige dokument inhandig, enige getuie roep en enige getuie wat deur enige ander party of deur die lisensieraad geroep word, kruisondervra.

(3) Indien 'n lisensieraad rede het om te glo dat iemand inligting of kennis het of in besit is van enige boek, dokument of voorwerp betreffende enige aangeleentheid wat voor sodanige raad dien, kan daardie raad op so iemand, hetsy op versoek van 'n party of uit eie beweging, 'n dagvaarding, in die vorm soos deur die Administrateur bepaal, laat beteken om voor sodanige raad te verskyn en getuienis af te lê en sodanige boek, dokument of voorwerp oor te lê.

(4) Voordat iemand getuienis voor 'n lisensieraad lewer, moet hy 'n eed aflê of 'n bevestiging maak wat deur die voorsitter van die betrokke lisensieraad afgeneem word.

(5) In verband met die ondervraging van iemand deur of voor 'n lisensieraad of die lewering van getuienis, of die oorlegging van 'n boek, dokument of voorwerp aan sodanige raad, is die regsreëls met betrekking tot privilegie, wat geld in die geval van 'n persoon wat gedagvaar is om voor 'n geregshof getuienis af te lê of om 'n boek, dokument of voorwerp oor te lê, van toepassing.

(6) Iemand wat wetens valse getuienis voor 'n lisensieraad lewer, is aan 'n misdryf skuldig.

(7) Iemand aan wie 'n dagvaarding ingevolge die bepalings, van subartikel (3) beteken is, is aan 'n misdryf skuldig indien hy sonder afdoende rede —

- (a) fails to appear on the date and at the time and place specified in the summons or to remain in attendance until the conclusion of the proceedings of the licensing board concerned or until he is excused by the chairman of that licensing board;
- (b) refuses to take an oath or to make an affirmation in terms of the provisions of subsection (4);
- (c) refuses or fails to produce any book, document or object referred to in the summons; or
- (d) after having been sworn or having made an affirmation, refuses or fails to answer fully any question lawfully put to him.

Decision of a licensing board on an application for a new licence.

19.(1) Subject to the provisions of this Chapter, a licensing board may —

- (a) grant an application for a new licence unconditionally;
- (b) grant such application subject to any condition, restriction or requirement which it deems necessary, including any condition, restriction or requirement as may be necessary —
  - (i) to curtail the scope of the business activities authorized by a licence;
  - (ii) to ensure that the business will be carried on in accordance with the particulars furnished by the applicant in his application; or
  - (iii) to remove any ground upon which the application could otherwise have been refused;
- (c) grant an application on condition that the applicant shall within a fixed period after the licence has been issued or such further period as the chairman of the licensing board concerned may, on application, allow, comply with any requirement stipulated by such board to remove any ground upon which the application could otherwise have been refused;
- (d) grant an application on condition that the applicant shall within a fixed period and before the licence is issued to him, or such further period as the chairman of the licensing board concerned may, on application, allow, comply with any requirement stipulated by such board to remove any ground upon which the application could otherwise have been refused; or
- (e) postpone its consideration and decision in respect of an application for such period as it may deem fit —
  - (i) to enable any person to obtain the decision of any competent court in connection with any matter relating to such application;
  - (ii) in order to inspect the business premises or to have it inspected by an officer or to make or cause any further investigation to be made in relation thereto; or
  - (iii) for any other reason.

- (a) in gebreke bly om op die datum, tyd en plek in die dagvaarding vermeld, te verskyn of teenwoordig te bly tot na afloop van die verrigtinge van die betrokke lisensieraad of totdat hy deur die voorsitter van daardie raad verskoon is;
- (b) weier om 'n eed af te lê of 'n bevestiging te maak ingevolge die bepalings van subartikel (4);
- (c) weier of in gebreke bly om 'n boek, dokument of voorwerp in die dagvaarding genoem, oor te lê; of
- (d) nadat hy die eed afgelê of 'n bevestiging gemaak het, weier of in gebreke bly om enige vraag wat wettig aan hom gestel word, volledig te beantwoord.

Besluit van 'n lisensieraad oor 'n aansoek om 'n nuwe lisensie.

19.(1) Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk kan 'n lisensieraad —

- (a) 'n aansoek om 'n nuwe lisensie onvoorwaardelik toestaan;
- (b) sodanige aansoek toestaan onderworpe aan enige voorwaarde, beperking of vereiste wat hy nodig ag, insluitende enige voorwaarde, beperking of vereiste wat nodig mag wees —
  - (i) om die omvang van die besigheidsbedrywighede wat deur 'n lisensie gemagtig word in te kort;
  - (ii) om te verseker dat die besigheid gedryf sal word in ooreenstemming met die besonderhede deur die aansoeker in sy aansoek verstrekk; of
  - (iii) om enige grond waarop die aansoek andersins geweier sou kon word, uit te skakel;
- (c) 'n aansoek toestaan op voorwaarde dat die aansoeker binne 'n bepaalde tydperk nadat die lisensie uitgereik is of sodanige verdere tydperk as wat die voorsitter van die betrokke lisensieraad op versoek toelaat, voldoen aan enige vereiste wat sodanige raad stel om enige grond waarop die aansoek andersins geweier sou kon word, uit te skakel;
- (d) 'n aansoek toestaan op voorwaarde dat die aansoeker binne 'n bepaalde tydperk en voordat die lisensie aan hom uitgereik word, of sodanige verdere tydperk as wat die voorsitter van die betrokke lisensieraad op versoek toelaat, voldoen aan enige vereiste wat sodanige raad stel om enige grond, waarop die aansoek andersins geweier sou kon word, uit te skakel; of
- (e) sy oorweging van en beslissing oor 'n aansoek vir die tydperk wat hy goed dink, uitstel —
  - (i) om iemand in staat te stel om die beslissing van 'n bevoegde hof te verkry in verband met enige aangeleentheid rakende sodanige aansoek;
  - (ii) om 'n besigheidsperseel te inspekteer of deur 'n beamppte te laat inspekteer of om enige verdere ondersoek met betrekking daartoe in te stel of te laat instel; of
  - (iii) om enige ander rede.

(2) Subject to the provisions of subsection (1) (b), (c), (d) and (e), a licensing board shall refuse an application for a new licence if it is satisfied that —

- (a) the applicant is not or will not be the owner of the business concerned: Provided that this provision shall not apply where in terms of the provisions of this Ordinance a licence is also required by an agent or employee of the holder of a licence;
- (b) the applicant or the person who is or will be in actual and effective control of the business, is not a suitable person to carry on the proposed business, whether by reason of his character, his previous conduct or the uncleanness of his habits or methods;
- (c) it is necessary that the person who is or will be in actual and effective control of the business should be able to speak, read and write at least one of the official languages and that such person is not able to do so;
- (d) it is necessary that a proper record of the business transactions of the applicant be kept as contemplated in section 134(2) of the Insolvency Act, 1936 (Act 24 of 1936) and that the applicant is not able to keep or cause such a record to be kept.
- (e) the business premises are not or will not be suitable for the purpose of the proposed business, whether in relation to any requirement of any law in connection with health, or in relation to its size, nature, construction, lighting, ventilation, accommodation or in any other respect, including the absence or inadequacy of provision for —
  - (i) protection against rodents, vermin and contamination by flies; or
  - (ii) to ensure in case of fire, the safety of the public and employees, by means of fire protection apparatus, emergency exits or otherwise;
- (f) no or inadequate provision has been made or will be made to ensure cleanliness and the compliance with health requirements and precautions, whether in respect of any person, premises, vehicle, container, vessel or in any other respect;
- (g) no or inadequate provision has been or will be made to prevent any nuisance which may arise as a result of smoke, dust, fumes, gas, smell, noise or vibration caused or likely to be caused by a business or to ensure the health and safety of the public and employees;
- (h) the locality and neighbourhood of the business premises is unsuitable for the nature of the proposed business on account of fire hazard or of conditions relating to traffic control or parking or the supply of water, electricity or sanitation; or

(2) Behoudens die bepalinge van subartikel (1)(b), (c), (d) en (e) moet 'n lisensieraad 'n aansoek om 'n nuwe lisensie weier as hy oortuig is dat —

- (a) die aansoeker nie die eienaar van die betrokke besigheid is of sal wees nie: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie waar 'n lisensie ingevolge die bepalinge van hierdie Ordonnansie ook van 'n agent of werknemer van die houer van 'n lisensie vereis word;
- (b) die aansoeker of die persoon wat in werklike en effektiewe beheer van die betrokke besigheid sal wees, nie 'n geskikte persoon is om die voorgename besigheid te dryf nie, hetsy vanweë sy karakter, sy vorige gedrag of die onsindeleikheid van sy gewoontes of metodes;
- (c) dit nodig is dat die persoon wat in werklike en effektiewe beheer van die besigheid sal wees, in staat moet wees om ten minste een van die amptelike tale te praat, te lees en te skryf en dat hy nie in staat is om dit te doen nie;
- (d) dit nodig is dat 'n behoorlike rekord gehou word van die aansoeker se besigheidstransaksies soos by artikel 134(2) van die Insolvensiewet, 1936 (Wet 24 van 1936) beoog, en dat die aansoeker nie in staat is om so 'n rekord te hou of te laat hou nie;
- (e) die besigheidsperseel nie geskik is of sal wees nie vir die doel van die voorgename besigheid, hetsy met betrekking tot enige vereiste van enige wet ten opsigte van gesondheid of met betrekking tot die grootte, aard, konstruksie, beligting, ventilasie, akkommodasie of in enige ander opsig, insluitende die afwesigheid of ontoereikendheid van voorsiening vir —
  - (i) beskerming teen knaagdiere, ongedierte en vliegbesmetting; of
  - (ii) die versekering deur middel van vuurbestrydingstoerusting, nooduitgange of andersins van die veiligheid van die publiek en werknemers in geval van brand;
- (f) geen of ontoereikende voorsiening vir versekering van sindelikheid en die nakoming van gesondheidsvereistes en -voorsorge, hetsy met betrekking tot enige persoon, perseel, voertuig, houer, vat of in enige ander opsig, gemaak is, of sal wees nie;
- (g) geen of ontoereikende voorsiening gemaak is of sal wees nie om enige oorlas te voorkom, wat mag ontstaan as gevolg van rook, stof, damp, gas, reuk, geraas of trilling wat 'n besigheid veroorsaak of waarskynlik mag veroorsaak, of om die gesondheid en veiligheid van die publiek en werknemers te verseker;
- (h) die ligging of omgewing van die besigheidsperseel ongeskik is vir die aard van die voorgename besigheid as gevolg van brandgevaar, toestande wat in verband staan met verkeerbeheer of parkering of die voorsiening van water, elektrisiteit of sanitasie; of

- (i) the proposed business will be detrimental to the religious, educational, health, residential, commercial, cultural or other amenities of the neighbourhood.

(3) Subject to the provisions of subsection (1)(b), (c), (d) and (e), the licensing board concerned shall refuse an application for a new licence unless the applicant satisfies that board that —

- (a) the issue of the licence for the carrying on of the business concerned in, on or from the premises or the place concerned and the occupation or the use by the applicant of the premises or place concerned are not or will not be contrary to a restrictive condition or servitude registered against the title deed of the premises or place concerned or to a provision of a town-planning scheme; and
- (b) no authority, whether by way of a licence, permit, certificate, registration or otherwise, is required in terms of any law referred to hereinafter or any other law, to carry on such business, or to use or occupy the premises or place where such business is or will be carried on for such business or, if such authority is required, that he has in fact obtained it:

- (i) The Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919);
- (ii) the Medical Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928);
- (iii) the Liquor Act, 1928 (Act 30 of 1928);
- (iv) the Co-operative Societies Act, 1939 (Act 29 of 1939);
- (v) the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945);
- (vi) the Rural Coloured Areas Act, 1963 (Act 24 of 1963);
- (vii) the Hotels Act, 1965 (Act 70 of 1965);
- (viii) the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966);
- (ix) the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966);
- (x) the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967);
- (xi) the Physical Planning and Utilization of Resources Act, 1967 (Act 88 of 1967);
- (xii) the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968); or
- (xiii) any law relating to town-planning.

(4) When considering an application for a new licence a licensing board shall not —

- (a) except in the case of an application for a licence for the business of a hawker, street photographer or such other business as may be prescribed, take into consideration the fact or possibility that there is already or will be within the particular neighbourhood or at the particular place where the applicant intends carrying on the business concerned, a sufficient number of persons carrying on business with one or more classes of goods in which such applicant intends to carry on business; or

- (i) die voorgename besigheid nadelig sal wees vir die godsdienstige, opvoedkundige, gesondheids-, woon-, handels-, kulturele of ander geriewe van die omgewing.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (1)(b), (c), (d) en (e) moet 'n lisensieraad 'n aansoek om 'n lisensie weier tensy die aansoeker daardie raad daarvan oortuig dat —

- (a) die uitreiking van die lisensie vir die dryf van die betrokke besigheid in, op of vanaf die betrokke perseel of plek of die okkupasie of gebruik deur die aansoeker van die betrokke perseel of plek nie strydig is nie of sal wees nie met 'n beperkende voorwaarde of serwituut wat teen die titelakte van die betrokke perseel of plek geregistreer is of 'n bepaling van 'n dorpsbeplanningskema; en
- (b) geen magtiging, hetsy by wyse van 'n lisensie, permit, sertifikaat, registrasie of andersins, ingevolge enige wet hierna genoem of enige ander wet benodig word nie om so 'n besigheid te dryf of om die perseel of plek waar sodanige besigheid gedryf word of sal word vir die dryf van sodanige besigheid te gebruik of te okkupeer of, indien so 'n magtiging benodig word, hy dit wel verkry het:

- (i) die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919);
- (ii) die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928);
- (iii) die Drankwet, 1928 (Wet 30 van 1928);
- (iv) die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939 (Wet 29 van 1939);
- (v) die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945);
- (vi) die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, 1963 (Wet 24 van 1963);
- (vii) die Wet op Hotelle, 1965 (Wet 70 van 1965);
- (viii) die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966);
- (ix) die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966);
- (x) die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967);
- (xi) die Wet op Fisiese Beplanning en Benutting van Hulpbronne, 1967 (Wet 88 van 1967);
- (xii) die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968); of
- (xiii) enige wet met betrekking tot dorpsbeplanning.

(4) By die oorweging van 'n aansoek om 'n nuwe lisensie neem 'n lisensieraad —

- (a) behalwe in die geval van 'n aansoek om 'n lisensie vir die besigheid van 'n smous, 'n straatfotograaf of sodanige ander besigheid as wat voorgeskryf word, nie die feit of moontlikheid wat daar binne die besondere omgewing of op die besondere plek waar die aansoeker van voorneme is om die betrokke besigheid te dryf, reeds 'n voldoende aantal persone is of sal wees wat besigheid dryf met een of meer klasse goedere waarmee sodanige aansoeker van voorneme is om besigheid te dryf; of

(b) except in the case of an application for a licence for the business of a disinfectant, fumigator, or such other business as may be prescribed, take into consideration the lack of business qualifications, training or experience of the applicant, his employee or agent.

(5) When a licensing board has refused an application for a new licence, no further application by the same applicant for the same type of business and, where applicable, in respect of the same premises, shall, subject to the provisions of section 45(1)(c) be considered within a period of six months from the date of such refusal unless such applicant satisfies the chairman of such board that the reason for the refusal has in the meantime been removed and that there is a reasonable prospect that if a new application be made within the period as aforesaid, such application would probably be granted.

(6) As soon as practicable after the decision of a licensing board on an application for a new licence, the secretary of the board concerned shall in writing notify all parties of such decision and the date thereof.

(7) If any party to an application for a new licence applies in writing therefor, the licensing board concerned shall, as soon as practicable after the receipt of such request, furnish written reasons for its decision to the secretary of that board and a copy thereof, shall against payment of such fee as may be prescribed, forthwith be forwarded by such secretary to such party.

Issue of  
control cer-  
tificate and  
a licence.

20.(1) The secretary of the licensing board concerned shall furnish an applicant whose application has been granted, with a written notification in the form determined by the Administrator (hereinafter referred to as a control certificate) in which the issue of the licence concerned to the applicant is authorized and in which any condition, restriction or requirement, subject to which the application has, in terms of section 19(1) been granted, is specified, and shall send a copy of such certificate to the issuing authority concerned: Provided that such a certificate shall not be furnished in the case of an application which has been granted conditionally by that board or against which any objection has been received which has in terms of section 16(3) been accepted for consideration —

(a) prior to the expiry of the period which in terms of the provisions of section 43(1) is allowed for the lodging of an appeal, unless a written undertaking is given by the applicant and an objector (if any) to the secretary of the board that they will not appeal against the decision of such board; and

(b) if an appeal has been timeously noted, before the appeal has been decided.

(2) Upon submission to the issuing authority concerned of the control certificate concerned together with any other document required in

(b) behalwe in die geval van 'n aansoek om 'n lisensie vir die besigheid van 'n ontsmetter, beroker of sodanige ander besigheid as wat voorgeskryf word, nie die gebrek aan besigheidskwalifikasies, -opleiding of -ervaring van die aansoeker, of sy werknemer of agent, in ag nie.

(5) Wanneer 'n lisensieraad 'n aansoek om 'n nuwe lisensie geweier het, word, behoudens die bepalings van artikel 45(1)(c), geen verdere aansoek van dieselfde aansoeker vir dieselfde soort besigheid en, waar van toepassing, ten opsigte van dieselfde perseel binne 'n tydperk van 6 maande na die datum van sodanige weiering, oorweeg nie tensy sodanige aansoeker die voorsitter van sodanige raad oortuig dat die rede vir weiering in die tussentyd uit die weg geruim is en dat daar 'n redelike vooruitsig bestaan dat as 'n nuwe aansoek binne die voormelde tydperk gedoen word, dit waarskynlik toegestaan sal word.

(6) So gou doenlik na die beslissing van 'n lisensieraad oor 'n aansoek om 'n nuwe lisensie, stel die sekretaris van die betrokke raad alle partye skriftelik van sodanige beslissing en die datum daarvan in kennis.

(7) Indien enige party by 'n aansoek om 'n nuwe lisensie skriftelik daarom versoek, verstrek die betrokke lisensieraad so gou doenlik na ontvangens van so 'n versoek skriftelik redes vir sy beslissing aan die sekretaris van daardie raad en 'n afskrif daarvan moet teen betaling van sodanige geld as wat voorgeskryf word onverwyld deur sodanige sekretaris aan so 'n party gestuur word.

Uitreiking  
van 'n kon-  
trolesertifikaat en 'n  
lisensie.

20.(1) Die sekretaris van die betrokke lisensieraad voorsien 'n aansoeker wie se aansoek toegestaan is, van 'n skriftelike mededeling in die vorm soos deur die Administrateur bepaal (hierna 'n kontrolesertifikaat genoem) wat die uitreiking van die betrokke lisensie aan die aansoeker magtig en waarin enige voorwaarde, beperking of vereiste, onderworpe waaraan die aansoek ingevolge die bepalings van artikel 19(1) toegestaan is, gespesifiseer word, en hy stuur 'n afskrif van sodanige sertifikaat aan die betrokke uitreikingsowerheid: Met dien verstande dat so 'n sertifikaat in die geval van 'n aansoek wat voorwaardelik deur daardie raad toegestaan is of waarteen daar enige beswaar ontvang is wat ingevolge artikel 16(3) vir oorweging aanvaar is, nie voorsien word nie —

(a) voor die verstryking van die tydperk wat kragtens die bepalings van artikel 43(1) toegelaat is vir die indiening van 'n appél, tensy daar aan die sekretaris van daardie raad 'n skriftelike onderneming deur die aansoeker en enige beswaarmaker, as daar is, gegee is dat hulle nie teen die beslissing van sodanige raad gaan appelleer nie; en

(b) indien appél betyds aangeteken word, voor die appél beslis is nie.

(2) By voorlegging aan die betrokke uitreikingsowerheid van die betrokke kontrolesertifikaat, tesame met enige ander dokument wat in-

terms of the provisions of this Ordinance and after payment of the appropriate licence fee and any penalty contemplated in section 10(2), a licence in the form as determined by the Administrator, shall be issued by that authority to the applicant and any condition, restriction or requirement specified in the control certificate shall be endorsed thereon: Provided that if the control certificate specifies any condition of the nature referred to in section 19(1)(d), the licence shall not be issued unless the control certificate is accompanied by a statement by the secretary of the licensing board concerned that such condition has been complied with, in which case such condition shall not be endorsed on the licence.

(3) A copy of each licence shall be sent by the issuing authority concerned to the secretary of the licensing board concerned and to the Director of Statistics.

Failure to take out a licence or to commence a business.

21.(1) Subject to the provisions of subsection (2) —

(a) a control certificate shall lapse if the licence is not taken out within 90 days after the issue of such control certificate: Provided that a control certificate which specifies a condition imposed in terms of the provisions of section 19(1)(d), which has to be complied with within a fixed period, shall lapse if such condition is not complied with within such period, or, if such condition has in fact been complied with, if the licence is not taken out within 90 days of the expiry of such period; and

(b) a licence shall lapse if the business for which it has been granted is not commenced within 90 days after the issue thereof.

(2) The periods referred to in subsection (1) may, in the discretion of the chairman of the licensing board concerned, be extended, if application is made to such chairman before the expiry of such periods for such extension.

Record of proceedings of licensing board.

22.(1) The secretary of a licensing board shall keep or cause minutes of the proceedings of that board to be kept in respect of every matter, as well as a record of the evidence given before the board, and such minutes and record, together with every document which the licensing board has considered shall constitute the record of the proceedings of that licensing board.

(2) Such record of the proceedings shall be kept by the secretary of the licensing board concerned in his office in safe custody.

(3) The record of proceedings of a licensing board shall be open for inspection by any party or his representative at the office of the secretary of that board during office hours.

gevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie vereis word en betaling van die toepaslike lisensiegeld en enige boete, soos beoog in artikel 10(2), word 'n lisensie in die vorm, soos deur die Administrateur bepaal, deur daardie owerheid aan die aansoeker uitgereik en word enige voorwaarde, beperking of vereiste wat in die kontrolesertifikaat gespesifiseer is, daarop geëndosseer: Met dien verstande dat indien die kontrolesertifikaat enige voorwaarde spesifiseer van die aard wat in artikel 19(1)(d) genoem word, die lisensie nie uitgereik word nie tensy die kontrolesertifikaat vergesel gaan van 'n verklaring deur die sekretaris van die betrokke lisensieraad dat daar aan sodanige voorwaarde voldoen is, in welke geval sodanige voorwaarde nie op die lisensie geëndosseer word nie.

(3) 'n Afskrif van elke lisensie word deur die betrokke uitreikingsowerheid aan die sekretaris van die betrokke lisensieraad en die Direkteur van Statistiek gestuur.

Versuim om 'n lisensie uit te neem of om 'n besigheid te begin.

21.(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) —

(a) vervál 'n kontrolesertifikaat indien die betrokke lisensie nie binne 90 dae na die uitreiking van sodanige kontrolesertifikaat uitgeneem word nie: Met dien verstande dat 'n kontrolesertifikaat wat 'n voorwaarde opgelê ingevolge die bepalings van artikel 19(1)(d), spesifiseer, waaraan binne 'n bepaalde tydperk voldoen moet word, vervál as daar nie binne sodanige tydperk aan sodanige voorwaarde voldoen word nie, of, as daar wel aan sodanige voorwaarde voldoen is, as die lisensie nie binne 90 dae na die verstryking van sodanige tydperk uitgeneem word nie en

(b) vervál 'n lisensie as daar nie binne 90 dae na die uitreiking daarvan, met die besigheid waarvoor dit toegestaan is, begin is nie.

(2) Die tydperke in subartikel (1) genoem, kan na goeddunke deur die voorsitter van die betrokke lisensieraad verleng word, indien daar by sodanige voorsitter voor die verstryking van genoemde tydperke vir sodanige verlenging aansoek gedoen word.

Oorkonde van 'n lisensieraad se verrigtinge.

22.(1) Die sekretaris van 'n lisensieraad hou of laat 'n notule hou, van die verrigtinge van daardie raad ten opsigte van elke aangeleentheid, asook 'n rekord van die getuents wat voor daardie raad afgelê word, en sodanige notule en rekord tesame met elke dokument wat die lisensieraad oorweeg het, maak die oorkonde van die verrigtinge van daardie raad uit.

(2) So 'n oorkonde van verrigtinge word deur die sekretaris van die betrokke lisensieraad in sy kantoor in veilige bewaring gehou.

(3) Die oorkonde van verrigtinge van 'n lisensieraad is by die sekretaris van daardie raad se kantoor gedurende kantoorure ter insae van enige party of sy verteenwoordiger.

## CHAPTER V.

## RENEWAL OF A LICENCE.

Application  
for re-  
newal  
of a  
licence.

23.(1) Unless otherwise provided for in this Ordinance, an application for the renewal of a licence may be made from the 1st day of November of the year for which it was issued in the manner as provided for in subsection (2).

(2) The holder of a licence who desires to renew it shall submit such licence together with the appropriate licence fee to the issuing authority concerned and such issuing authority shall, subject to the provisions of subsections (3) and (4), renew such licence.

(3) An issuing authority shall not renew a licence in conflict with any decision of a licensing board or with any condition, restriction or requirement endorsed on such licence.

(4) An issuing authority shall not renew a licence which expired on the 31st day of December of any year after the last day of February of the succeeding year.

(5) A copy of each renewed licence shall be sent by the issuing authority concerned to the secretary of the licensing board concerned and to the Director of Statistics.

## CHAPTER VI.

## GENERAL MATTERS AFFECTING LICENCES.

Removal al-  
teration  
or substi-  
tution of  
an endorse-  
ment on a  
licence.

24. If the holder of a licence desires that any condition, restriction or requirement endorsed on his licence shall be removed, altered or substituted he shall apply for a new licence: Provided that —

- (a) the chairman of the licensing board may dispense with the furnishing of any report, document or plan or the giving of any notice which is required in terms of the provisions of this Ordinance and which is in the circumstances considered by him be unnecessary;
- (b) a new control certificate shall not be issued in respect of the application concerned until the applicant has lodged for cancellation the licence to which the application relates with the secretary of the licensing board concerned;
- (c) a new licence shall not be issued until the cancelled licence together with the new control certificate is submitted to the issuing authority concerned; and
- (d) no licence fee shall be payable for such a new licence in respect of the unexpired period of the year for which the cancelled licence was issued except where the removal, alteration or substitution of a condition, restriction or requirement entails the duty to pay an additional licence fee in terms of the provisions of this Ordinance.

## HOOFSTUK V.

## HERNUWING VAN 'N LISENSIE.

Aansoek  
om die  
hernuwing  
van 'n  
lisensie.

23.(1) Tensy anders in hierdie Ordonnansie bepaal, kan 'n aansoek om die hernuwing van 'n lisensie vanaf die 1ste dag van November van die jaar waarvoor dit uitgereik is, gedoen word op die wyse in subartikel (2) bepaal.

(2) Die houer van 'n lisensie wat dit wil hernuwe, lê sodanige lisensie aan die betrokke uitreikingsowerheid, tesame met die toepaslike lisensiegeld, voor en sodanige uitreikingsowerheid hernuwe, behoudens die bepalings van subartikels (3) en (4), sodanige lisensie.

(3) 'n Uitreikingsowerheid hernuwe nie 'n lisensie nie strydig met enige besluit van 'n lisensieraad of met enige voorwaarde, beperking of vereiste wat op sodanige lisensie geëndosseer is.

(4) 'n Uitreikingsowerheid hernuwe nie 'n lisensie nie wat op die 31ste dag van Desember van enige jaar verval het na die laaste dag van Februarie van die daaropvolgende jaar.

(5) 'n Afskrif van elke hernude lisensie word deur die betrokke uitreikingsowerheid aan die sekretaris van die betrokke lisensieraad en die Direkteur van Statistiek gestuur.

## HOOFSTUK VI.

## ALGEMENE AANGELEENTHEDE RAKENDE LISENSIES.

Verwyde-  
ring, veran-  
dering of  
vervanging  
van 'n en-  
dossement  
op 'n  
lisensie.

24. Indien 'n houer van 'n lisensie verlang dat enige voorwaarde, beperking of vereiste wat op sy lisensie geëndosseer is, verwyder, verander of vervang word, doen hy aansoek om 'n nuwe lisensie: Met dien verstande dat —

- (a) die voorsitter van 'n lisensieraad kan afsien van die verskaffing van enige verslag, dokument of plan of die gee van enige kennis wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie vereis word en wat deur hom in die omstandighede onnodig geag word;
- (b) 'n nuwe kontrolesertifikaat ten opsigte van die betrokke aansoek nie uitgereik word nie alvorens die aansoeker die lisensie waarop sodanige aansoek betrekking het, aan die sekretaris van die betrokke lisensieraad vir rojering, oorhandig het;
- (c) 'n nuwe lisensie nie uitgereik word nie alvorens die geroeide lisensie, tesame met die nuwe kontrolesertifikaat, aan die betrokke uitreikingsowerheid voorgelê word; en
- (d) geen lisensiegeld vir so 'n nuwe lisensie betaalbaar is nie ten opsigte van die onverstreke tydperk van die jaar waarvoor die geroeide lisensie uitgereik was, behalwe waar die verwydering, verandering of vervanging van 'n voorwaarde, beperking of vereiste, die plig meebring om bykomende lisensiegeld ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie te betaal.

Removal of  
a business  
to other  
business  
premises.

25.(1) If the holder of a licence desires to remove his business to other business premises he shall make application for a new licence: Provided that —

- (a) the chairman of a licensing board may dispense with the report referred to in section 14(a); and
- (b) if the application is granted no licence fee shall be payable in respect of the unexpired period of the year for which the previous licence was issued.

(2)(a) If the chairman of a licensing board is satisfied that the removal of a business from the business premises to any other premises has become necessary as a result of *vis major*, disaster, emergency or other urgent circumstances beyond the control of the holder of the licence or in order to effect alterations to the business premises, he may by means of a permit for a period not exceeding four months and with due regard to the health and other requirements referred to in section 19(2) and subject to any condition which he may deem fit, authorize the temporary removal of the business to such other premises.

(b) As long as such other premises are used in terms of such permit the licence in respect of such business shall, subject to the provisions of this Ordinance, remain of full force and effect.

(c) The secretary of the licensing board concerned shall send a copy of the permit referred to in paragraph (a) to the issuing authority which issued the licence concerned.

(d) The holder of the licence concerned shall forthwith notify the licensing board and the issuing authority concerned as soon as the business is moved back to the business premises.

(3) The holder of a licence who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (2) shall be guilty of an offence.

Structural  
alterations  
to business  
premises.

26.(1) No person shall effect any structural alterations to any business premises in respect of which a licence is in force or extend the business carried on on such premises to adjoining premises without the prior approval in writing of the licensing board concerned.

(2) Within 30 days after completion of such structural alteration or extension the holder of the licence shall furnish the secretary of the licensing board concerned with a copy of the plan approved or document issued by the competent authority in terms of which the alteration or extension were effected.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of this section shall be guilty of an offence.

Verplasing  
van 'n  
besigheid  
na 'n ander  
besigheids-  
perseel.

25.(1) Indien 'n houer van 'n lisensie verlang om sy besigheid na 'n ander besigheidsperseel te verplaas, doen hy aansoek om 'n nuwe lisensie: Met dien verstande dat —

- (a) die voorsitter van 'n lisensieraad kan afsien van die verslag in artikel 14(a) genoem; en
- (b) indien die aansoek toegestaan word, geen lisensiegeld ten opsigte van die onverstreke tydperk van die jaar waarvoor die vorige lisensie uitgereik is, betaalbaar is nie.

(2)(a) Indien die voorsitter van 'n lisensieraad oortuig is dat die verplasing van 'n besigheid vanaf die besigheidsperseel na enige ander perseel nodig geword het as gevolg van oormag, 'n ramp, noodtoestand of ander dringende omstandighede buite die beheer van die houer van die lisensie of ten einde veranderinge aan die besigheidsperseel te bewerkstellig, kan hy, by wyse van 'n permit vir 'n tydperk wat nie 4 maande oorskry nie, of sodanige verdere tydperk as wat die voorsitter op versoek toelaat, met inagneming van die gesondheids- en ander vereistes in artikel 19(2) genoem en onderworpe aan enige voorwaarde wat hy goed dink, die tydelike verplasing van die besigheid na sodanige ander perseel magtig.

(b) Solank sodanige ander perseel ingevolge sodanige permit gebruik word, bly die lisensie ten opsigte van sodanige besigheid, behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, ten volle van krag.

(c) Die sekretaris van die betrokke lisensieraad stuur 'n afskrif van die permit in paragraaf (a) genoem, aan die uitreikingsowerheid wat die betrokke lisensie uitgereik het.

(d) Die houer van die betrokke lisensie stel die betrokke lisensieraad en uitreikingsowerheid onverwyld in kennis sodra die besigheid na die besigheidsperseel terug verplaas word.

(3) Die houer van 'n lisensie wat die bepalings van subartikel (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig.

Strukturele  
veranderinge  
aan 'n besigheids-  
perseel.

26.(1) Niemand mag enige strukturele veranderinge aan 'n besigheidsperseel ten opsigte waarvan 'n lisensie van krag is, aanbring nie of die besigheid wat op sodanige perseel gedryf word na 'n aangrensende perseel uitbrei nie behalwe met die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die betrokke lisensieraad.

(2) Binne 30 dae na die voltooiing van enige sodanige strukturele verandering of uitbreiding moet die houer van die lisensie die sekretaris van die betrokke lisensieraad voorsien van 'n afskrif van die plan wat deur die bevoegde owerheid goedgekeur is, of die dokument wat deur sodanige owerheid uitgereik is ingevolge waarvan die verandering of uitbreiding gedoen is.

(3) Iemand wat die bepalings van hierdie artikel oortree of versuim om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig.

*Amir  
hijwa*

Change of  
ownership  
of a busi-  
ness.

27.(1) Subject to the provisions of subsection (3), a licence shall lapse when the ownership of the business to which it relates, changes.

(2) If the new owner of a business contemplated in subsection (1) desires to continue such business, he shall apply for a new licence: Provided that except for the report relating to the applicant referred to in section 14(a), the chairman of the licensing board concerned may determine that the furnishing of any report, document or plan or the giving of any notice required in terms of the provisions of this Ordinance be dispensed with.

(3) The chairman of the licensing board concerned may, on the application of the new owner of the business concerned, authorize such owner by means of a permit to continue such business for a period not exceeding 4 months or such further period as such chairman may on application allow, and subject to any condition as he may deem fit, pending the decision of that licensing board in connection with his application for a licence.

(4) The chairman of the licensing board concerned, may, in his discretion, cancel a permit referred to in subsection (3).

(5) For the purposes of this section it shall be deemed that a change of ownership of the business has also taken place if —

(a) in the case where a partnership is the holder of the licence concerned, a new partner is admitted to such partnership; or

(b) in the case where a company is the holder of the licence concerned, the controlling interest in such company passes from one group to another group.

(6) In subsection (5), "company", "controlling interest" and "group" shall have respectively the meaning assigned thereto in section 1 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966).

Transfer of  
a licence.

28.(1) In the event of the death of the holder of a licence, the issuing authority concerned shall, on application of the *curator bonis* or executor of his estate, as the case may be, and on payment of the prescribed transfer fee grant authority in the manner prescribed for the transfer of such licence to the *curator bonis* or executor of the estate, as the case may be.

(2) In the event of the sequestration of the estate of the holder of a licence or where such holder is a company, of the liquidation of such holder, or where the holder of a licence is subject to any other form of legal disability, the issuing authority concerned shall, on the application of the trustee, *curator bonis* or liquidator, as the case may be, and on payment of the prescribed transfer fee, grant authority in the manner prescribed for the transfer of the licence to such trustee, *curator bonis* or liquidator.

Verande-  
ring van  
eiendoms-  
reg van  
'n besig-  
heid.

27.(1) Behoudens die bepalings van subartikel (3), vervel 'n lisensie wanneer die eiendomsreg van die besigheid waarop dit betrekking het, verander.

(2) Indien die nuwe eienaar van 'n besigheid in subartikel (1) beoog, sodanige besigheid wil voortsit, doen hy aansoek om 'n nuwe lisensie: Met dien verstande dat, behalwe vir die verslag betreffende die aansoeker in artikel 14(a) genoem, die voorsitter van die betrokke lisensieraad kan bepaal dat daar afgesien word van die verskaffing van enige verslag, dokument of plan of die gee van enige kennis wat kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie vereis word.

(3) Die voorsitter van die betrokke lisensieraad kan, op aansoek van die nuwe eienaar van die betrokke besigheid, sodanige eienaar by wyse van 'n permit magtig om sodanige besigheid voort te sit vir 'n tydperk, wat nie 4 maande oorskry nie, of vir sodanige verdere tydperk as wat sodanige voorsitter op versoek toelaat, en onderworpe aan enige voorwaarde wat hy goed dink, hangende die beslissing van daardie lisensieraad in verband met sy aansoek om 'n lisensie.

(4) Die voorsitter van die betrokke lisensieraad kan, 'n permit in subartikel (3) genoem, na goeddunke intrek.

(5) Vir die toepassing van hierdie artikel word daar geag dat daar 'n verandering in die eiendomsreg van die besigheid ook plaasvind indien —

(a) in die geval waar 'n vennootskap die houer van die betrokke lisensie is, 'n nuwe vennoot tot sodanige vennootskap toegelaat word; of

(b) in die geval waar 'n maatskappy die houer van die betrokke lisensie is, die beheersende belang in sodanige maatskappy van een groep na 'n ander groep oorgaan.

(6) In subartikel (5) het "beheersende belang", "groep" en "maatskappy" onderskeidelik die betekenis wat in artikel 1 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), daaraan geheg word.

Oordrag  
van 'n  
lisensie.

28.(1) In die geval van die afsterwe van die houer van 'n lisensie word, op aansoek van die *curator bonis* of eksekuteur van sy boedel, na gelang van die geval, en by betaling van die voorgeskrewe oordraggeld, magtiging, op die wyse soos voorgeskryf, deur die betrokke uitreikingsowerheid verleen vir die oordrag van sodanige lisensie aan die *curator bonis* of eksekuteur van die boedel, na gelang van die geval.

(2) In die geval van die sekwestrasie van die boedel van die houer van 'n lisensie of, waar sodanige houer 'n maatskappy is, die likwidasie van sodanige houer, of waar die houer van die lisensie onderworpe is aan enige ander vorm van regsonbevoegdheid, word op aansoek van die kurator, *curator bonis* of likwidateur, na gelang van die geval, en by betaling van die voorgeskrewe oordraggeld, magtiging deur die betrokke uitreikingsowerheid op die wyse soos voorgeskryf, verleen vir die oordrag van die betrokke lisensie aan sodanige kurator, *curator bonis* of likwidateur.

(3) In the event of the retirement or death of one or more partners in a partnership which is the holder of a licence, the issuing authority concerned shall, on application of the remaining partner or partners and subject to proof of his or their capacity to make the application and on payment of the prescribed transfer fee, grant authority in the manner prescribed for the transfer of such licence to the remaining partner or partners.

(4) A copy of the authority for the transfer of a licence as contemplated in subsections (1), (2) and (3) shall be sent by the issuing authority concerned to the secretary of the licensing board concerned.

## CHAPTER VII.

### INFORMATION CONCERNING AND INSPECTION OF BUSINESS AND BUSINESS PREMISES.

**Holder of a licence to give notice of changes in connection with a business.** 29.(1) The holder of a licence shall in writing forthwith notify the secretary of the licensing board concerned if —

- (a) the person in actual and effective control of the business concerned as contemplated in section 14(a) is replaced by another person;
- (b) the name under which the business is carried on has been changed; or
- (c) the nature of the business has been changed.

(2) In respect of any change referred to in subsection (1)(a), the secretary of the licensing board concerned shall take steps to obtain a report as contemplated in section 14(a).

(3) The secretary of the licensing board concerned shall submit the written notice referred to in subsection (1) together with the report referred to in subsection (2), to the chairman of the licensing board concerned.

(4) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.

**Powers of an authorized officer or a health officer.** 30.(1) An authorized officer or health officer may —

- (a) at any time enter upon and inspect any premises, place, vehicle or movable structure which he suspects is being used for or in connection with the carrying on of a business;
- (b) require any person in or on such premises, place, vehicle or structure whom he suspects to have in his possession or custody or under his control any goods, book, record or other document used in connection with the carrying on of a business, to deliver such goods or document to him;
- (c) inspect or examine any such goods or document delivered to him or found by him in or on such premises, place, vehicle or structure, and may make extracts from any such document and require an explanation of any entries therein;

(3) In die geval van die uitrede of afsterwe van een of meer vennote in 'n vennootskap wat die houer van 'n lisensie is, word op aansoek van die oorblywende vennoot of vennote en onderworpe aan bewys van sy of hulle bevoegdheid om die aansoek te doen en by betaling van die voorgeskrewe oordraggeld, magtiging deur die betrokke uitreikingsowerheid op die wyse soos voorgeskryf, verleen vir die oordrag van sodanige lisensie aan die oorblywende vennoot of vennote.

(4) 'n Afskrif van die magtiging vir oordrag van 'n lisensie soos in subartikels (1), (2) en (3) beoog, word deur die betrokke uitreikingsowerheid aan die sekretaris van die betrokke lisensieraad gestuur.

## HOOFTUK VII.

### INLIGTING BETREFFENDE EN INSPEKSIE VAN BESIGHEID EN BESIGHEIDSPERSEEL.

**Houer van 'n lisensie gee kennis van veranderinge in verband met 'n besigheid.** 29.(1) Die houer van 'n lisensie stel die sekretaris van die betrokke lisensieraad onverwyld skriftelik in kennis indien —

- (a) die persoon wat in werklike en effektiewe beheer van die betrokke besigheid is, soos in artikel 14(a) beoog, deur iemand anders vervang word;
- (b) die naam waaronder die besigheid gedryf word verander het; of
- (c) die aard van die besigheid verander het.

(2) Ten opsigte van enige verandering in subartikel (1)(a) genoem, moet die sekretaris van die betrokke lisensieraad stappe doen om 'n verslag soos in artikel 14(a) beoog, te verkry.

(3) Die sekretaris van die betrokke lisensieraad lê die skriftelike kennisgewing in subartikel (1) genoem tesame met enige verslag in subartikel (2) genoem, aan die voorsitter van die betrokke lisensieraad voor.

(4) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

**Bevoegdhede van 'n gemagtigde beampte of 'n gesondheidsbeampte.** 30.(1) 'n Gemagtigde beampte of 'n gesondheidsbeampte kan —

- (a) te eniger tyd enige perseel, plek, voertuig of beweegbare struktuur wat na sy vermoede vir of in verband met die dryf van 'n besigheid gebruik word, betree en inspekteer;
- (b) van enigiemand op of in sodanige perseel, plek, voertuig of struktuur wat na sy vermoede die besit of bewaring van of beheer oor enige goedere, boek, rekord of ander dokument het wat in verband met die dryf van 'n besigheid gebruik word, eis dat hy sodanige goedere of dokument aan hom lewer;
- (c) enige sodanige goedere of dokument wat aan hom gelewer is of deur hom op of in sodanige perseel, plek, voertuig of struktuur gevind is, inspekteer of ondersoek en kan uittreksels maak uit enige sodanige dokument en 'n uitleg vorder van enige inskrywings daarin;

- (d) seize any vehicle, movable structure or any such goods or document which, in his opinion, could afford proof of a contravention or evasion of any provision of this Ordinance;
- (e) question any person whom he suspects to be in possession of information relating to the carrying on of a business;
- (f) require any person whom he suspects to be carrying on a business to furnish his name and address and to produce the licence, permit or authorization for the carrying on of such business;
- (g) require any person whom he suspects to be an employee or agent of any person who carries on a business to furnish his name and address and the name and address of his employer; and
- (h) require any person referred to in paragraphs (f) and (g) to produce his identification document.

(2) An authorized officer or health officer shall report any change or unsatisfactory condition found by him in respect of the business premises, any vehicle or container, the carrying on of the business or any person concerned with the carrying on of the business to the secretary of the licensing board concerned.

(3) An authorized officer or health officer who has seized any property in terms of subsection (1)(d) shall, if practicable, make identification marks thereon as soon as possible after seizure and shall bring such property without delay before a magistrate who may order it to be retained in such custody as he may determine.

Information which may be furnished to a licensing board.

31. Any person, including the State, may, in respect of any business, and a local authority may, in respect of a business within its municipality, furnish information in writing to a licensing board relating to any matter referred to in section 19(2) and (3) and the secretary of the licensing board concerned shall submit such information to the chairman of that licensing board.

## CHAPTER VIII.

### REVIEW OF LICENCE.

Power of a licensing board to review a licence.

32. Subject to the provisions of this Chapter, a licensing board may at any time review the licence of a business carried on in its area.

Submission of information by a chairman to a licensing board for the purpose of reviewing a licence.

33.(1) When the chairman of a licensing board, from information furnished to him in terms of the provisions of sections 30(2), 31 or otherwise, has reason to suspect that in respect of any business which is carried on within the area of the licensing board concerned —

- (a) any condition, restriction or requirement imposed in terms of section 19(1)(a) or (b), is not being complied with;

- (d) beslag lê op enige voertuig, beweegbare struktuur of enige sodanige goedere of dokument wat na sy mening, bewys kan lewer van 'n oortreding of ontduiking van enige bepaling van hierdie Ordonnansie;
- (e) enigiemand ondervra wat na sy vermoede in besit is van inligting betreffende die dryf van 'n besigheid;
- (f) iemand wat na sy vermoede 'n besigheid dryf, versoek om sy naam en adres te verstrek en die lisensie, magtiging of permit vir die dryf van so 'n besigheid te toon;
- (g) iemand wat na sy vermoede 'n werknemer of agent van iemand is wat 'n besigheid dryf, versoek om sy naam en adres en die naam en adres van sy werkgever te verstrek; en
- (h) om van enigiemand in paragrawe (f) en (g) genoem, te vereis dat hy sy identiteitsdokument aan hom toon.

(2) 'n Gemagtigde beampte of 'n gesondheids-beampte rapporteer enige verandering of onbevredigende toestand wat deur hom gevind word met betrekking tot die besigheidspersoneel, enige voertuig of houer, die dryf van die besigheid of enige persoon wat by die dryf van die besigheid betrokke is, aan die sekretaris van die betrokke lisensieraad.

(3) 'n Gemagtigde beampte of 'n gesondheids-beampte wat ingevolge subartikel (1)(d) enige goed in beslag geneem het, moet, indien doenlik, so gou as moontlik na die beslaglegging identifikasie-merke daarop aanbring en moet sodanige goed onverwyld voor 'n landdros bring wat kan gelas dat dit in sodanige bewaring gehou word as wat hy bepaal.

Inligting wat aan 'n lisensieraad verstrekkend kan word.

31. Enigiemand, insluitende die Staat, kan ten opsigte van enige besigheid, en 'n plaaslike bestuur kan, ten opsigte van 'n besigheid in sy munisipaliteit, skriftelik inligting aan 'n lisensieraad verstrekkend betreffende enige aangeleentheid in artikel 19(2) en (3) genoem, en die sekretaris van die betrokke lisensieraad lê sodanige inligting aan die voorsitter van daardie lisensieraad voor.

## HOOFSTUK VIII.

### HERSIENING VAN 'N LISENSIE.

Bevoegdheid van 'n lisensieraad om 'n lisensie te hersien.

32. Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk, kan 'n lisensieraad te eniger tyd die lisensie van 'n besigheid wat in sy gebied gedryf word, hersien.

Voorlegging van inligting aan 'n lisensieraad deur 'n voorsitter met die oog op her-siening van 'n lisensie.

33.(1) Wanneer die voorsitter van 'n lisensieraad op inligting wat aan hom ingevolge die bepalings van artikels 30(2), 31 of andersins verstrekkend is, rede het om te vermoed dat ten opsigte van enige besigheid wat in die gebied van die betrokke lisensieraad gedryf word —

- (a) enige voorwaarde, beperking of vereiste wat ingevolge die bepalings van artikel 19(1)(a) of (b) opgelê is nie nagekom word nie;

- (b) circumstances exist which, if application for a new licence had been made for that business, the refusal of the application upon any of the grounds referred to in section 19(2)(a) to (h) or section 19(3) would have been justified; or
- (c) the continuation of such business constitutes a danger or threat to public health, the public interest or public safety.

he shall submit such information to the licensing board concerned to enable that board to review the licence.

(2) The chairman of the licensing board concerned shall fix the place, time and date of the review and notice thereof, stating the general purport of the grounds for the review shall not less than ten days before the date so fixed, be served by the secretary of that licensing board —

- (a) on the local authority in whose municipality the business is being carried on;
- (b) if the decision to have the licence reviewed was taken on information furnished to the board in a written communication or report, on the person, including the State, who furnished such communication or report; and
- (c) on the holder of the licence concerned.

(3) Any person may, during office hours, at the office of the secretary of the licensing board concerned, make an extract from or a copy of any written communication or report referred to in paragraph (b).

Proceedings, evidence and record of the proceedings of a licensing board in connection with the review of a licence.

34.(1) On the review of a licence by a licensing board, every person referred to in section 33(2) shall be entitled to appear before the licensing board concerned or to submit an argument in writing in connection with such review and any person who so appears or so submits an argument, shall be a party to such review.

(2) The provisions of section 18(2) to 18(7) inclusive, 19(6), 19(7) and section 22 shall apply *mutatis mutandis* to the review of a licence by a licensing board.

Suspension of a licence by a chairman of a licensing board.

35.(1) The chairman of a licensing board may, if he is satisfied that the continuation of a business will constitute a serious danger or threat to the public health, public interest or public safety, summarily suspend the licence of that business by means of a written order to be served on the holder of the licence or the person in actual or effective control of the business concerned, pending review by the licensing board concerned and such order shall hereinafter be referred to as a suspension order.

(2) The chairman of a licensing board shall in a suspension order state the general purport of the grounds for the suspension and shall afford the holder of the licence concerned the oppor-

(b) omstandighede bestaan wat, indien aansoek om 'n nuwe lisensie vir daardie besigheid gedoen was, die weiering van die aansoek op enige van die gronde in artikel 19(2)(a) tot (h) of artikel 19(3) geregtig sou gewees het; of

(c) die voortsetting van sodanige besigheid 'n gevaar of bedreiging vir openbare gesondheid, die openbare belang of openbare veiligheid inhou,

lê hy sodanige inligting aan die betrokke lisensieraad voor om daardie raad in staat te stel om die lisensie te hersien.

(2) Die voorsitter van die betrokke lisensieraad stel die plek, tyd en datum van die hersiening vas en kennis daarvan, met vermelding van die algemene strekking van die gronde vir die hersiening, word, nie minder nie as 10 dae voor die datum aldus vasgestel, deur die sekretaris van daardie lisensieraad beteken —

- (a) aan die plaaslike bestuur binne wie se munisipaliteit die besigheid gedryf word;
- (b) indien die besluit om die lisensie te laat hersien, geneem is op inligting wat in 'n skriftelik mededeling of verslag vervat is, aan die persoon, insluitende die Staat, wat sodanige mededeling of verslag verstrek het; en
- (c) aan die houer van die betrokke lisensie.

(3) Enigiemand kan gedurende kantoorure by die kantoor van die sekretaris van die betrokke lisensieraad 'n afskrif van of 'n uittreksel uit enige skriftelike mededeling of verslag in paragraaf (b) genoem maak.

Verrigtinge, getuienis en oorkonde van 'n lisensieraad in verband met die hersiening van 'n lisensie.

34.(1) By die hersiening van 'n lisensie deur 'n lisensieraad is elke persoon in artikel 33(2) genoem, geregtig om voor die betrokke lisensieraad te verskyn of om 'n skriftelike betoog aan daardie raad voor te lê in verband met sodanige hersiening en enigiemand wat aldus verskyn of wat aldus 'n betoog voorgelê het, is 'n party by sodanige hersiening.

(2) Die bepalings van artikels 18(2) tot en met 18(7), 19(6), 19(7) en artikel 22 is *mutatis mutandis* van toepassing by die hersiening van 'n lisensie deur 'n lisensieraad.

Opskorting van 'n lisensie deur 'n voorsitter van 'n lisensieraad.

35.(1) Die voorsitter van 'n lisensieraad kan, indien hy oortuig is dat die voortsetting van 'n besigheid 'n ernstige gevaar of bedreiging vir die openbare gesondheid, openbare belang of openbare veiligheid inhou, die lisensie van daardie besigheid by wyse van 'n skriftelike bevel wat aan die houer van die lisensie of die persoon in werklike en effektiewe beheer van die betrokke besigheid beteken word, hangende hersiening deur die betrokke lisensieraad, summier opskort en sodanige bevel word hierna 'n opskortingsbevel genoem.

(2) Die voorsitter van 'n lisensieraad meld in 'n opskortingsbevel die algemene strekking van die gronde vir die opskorting en bied aan die houer van die betrokke lisensie die geleentheid om binne 7 dae vanaf die datum van die beteke-

Hand

tunity within 7 days of the date of the service of such order to advance written reasons for the cancellation of the suspension order.

(3) The chairman of the licensing board concerned may, at any time before the review of the licence concerned, in his discretion, cancel the suspension order.

(4) After the service of a suspension order as contemplated in subsection (1), the carrying on of the business concerned shall be discontinued forthwith and may, subject to any other provision of this Ordinance, only be resumed —

- (a) if the chairman of the licensing board concerned cancels the suspension order; or
- (b) in terms of and in accordance with a decision of the licensing board concerned on review of the licence.

(5) For the purpose of reviewing a suspended licence and subject to the provisions of subsection (6) the provisions of section 33(2) shall apply *mutatis mutandis*.

(6) Unless an ordinary sitting of a licensing board will take place within 10 days after the service of the suspension order and such order has not been cancelled in terms of the provisions of subsection (3) by the chairman of the licensing board concerned, such chairman shall forthwith convene a special sitting of that board for the purpose of reviewing that licence.

(7) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (4) shall be guilty of an offence.

Cancellation of a licence or other decision by a licensing board on review.

36.(1) A licensing board may, on the review of a licence —

- (a) cancel such licence and order the holder of the licence forthwith to discontinue the business;
- (b) authorize the holder of the licence concerned to continue the business on condition that such holder shall within a fixed period or such further period as the chairman of the licensing board concerned may, on request allow, comply with any requirement stipulated by such board to remove any ground upon which, if the review of the licence concerned had been an application for a new licence, such application could have been refused in terms of the provisions of section 19(2)(a) to (h) inclusive or section 19(3);
- (c) (i) authorize the holder of the licence concerned to continue the business subject to any condition, restriction or requirement; or
- (ii) order such holder to discontinue, in whole or in part, the business authorized by that licence until such time as such holder satisfies the licensing board concerned that he has complied with any condition, restriction or requirement,

which such licensing board deems necessary to remove any ground upon which, if the

ning van sodanige bevel, skriftelike redes aan te voer vir die intrekking van die opskortingsbevel.

(3) Die voorsitter van die betrokke lisensieraad kan, na goeddunke, die opskortingsbevel te eniger tyd voor die hersiening van die betrokke lisensie intrek.

(4) Na betekening van 'n opskortingsbevel soos in subartikel (1) beoog, word die dryf van die betrokke besigheid onverwyld gestaak en kan, behoudens enige ander bepaling van hierdie Ordonnansie, slegs hervat word —

- (a) indien die voorsitter van die betrokke lisensieraad die opskortingsbevel intrek; of
- (b) ingevolge en ooreenkomstig 'n besluit van die betrokke lisensieraad by hersiening van die lisensie.

(5) Vir die doel om 'n opgeskorte lisensie te hersien en, behoudens die bepalings van subartikel (6), is die bepalings van artikel 33(2) *Mutatis mutandis* van toepassing.

(6) Tensy 'n gewone sitting van 'n lisensieraad binne 10 dae vanaf die betekening van die opskortingsbevel sal plaasvind en sodanige bevel nie deur die voorsitter van die betrokke lisensieraad ingevolge die bepalings van subartikel (3) ingetrek is nie, belê sodanige voorsitter onverwyld 'n spesiale sitting van daardie raad met die doel om daardie lisensie te hersien.

(7) Iemand wat die bepalings van subartikel (4) oortrec of versuim om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig.

Intrekking van 'n lisensie of ander beslissing deur 'n lisensieraad by hersiening.

36.(1) 'n Lisensieraad kan, by hersiening van 'n lisensie —

- (a) sodanige lisensie intrek en die houer van die besigheid onverwyld te staak;
- (b) die houer van die betrokke lisensie magtig om die besigheid voort te sit op voorwaarde dat sodanige houer binne 'n bepaalde tydperk of sodanige verdere tydperk as wat die voorsitter van die betrokke lisensieraad op versoek toelaat, voldoen aan enige vereiste wat sodanige raad stel om enige grond uit te skakel waarop, as die hersiening van die betrokke lisensie 'n aansoek om 'n nuwe lisensie was, sodanige aansoek ingevolge die bepalings van artikel 19(2)(a) tot en met (h) of artikel 19(3) geweier sou kon word;
- (c) die houer van die betrokke lisensie —
  - (i) magtig om die besigheid voort te sit onderworpe aan enige voorwaarde, beperking of vereiste; of
  - (ii) gelas om die besigheid wat deur daardie lisensie gemagtig word geheel of gedeeltelik te staak tot tyd en wyl sodanige houer die betrokke lisensieraad oortuig dat hy voldoen het aan enige voorwaarde, beperking of vereiste,

wat sodanige lisensieraad nodig ag om enige grond uit te skakel waarop, as die hersiening

review of the licence concerned had been an application for a new licence, such application could have been refused in terms of section 19(2)(a) to (h) inclusive or section 19(3);

- (d) exercise *mutatis mutandis*, the powers conferred by section 19(1)(e); or
- (e) if the licence has been suspended, cancel such suspension unconditionally or exercise, *mutatis mutandis*, the powers referred to in paragraph (c).

(2) When a licensing board makes a decision in terms of the provisions of subsection (1)(a), (b), (c) or (e), it may order that such business shall, either in whole or in part, be discontinued pending the lodging of an appeal against any such decision, the result of such appeal or during the period of postponement, as the case may be.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (1)(a), (b), (c) or (e) or of subsection (2), shall be guilty of an offence.

Surrender of a licence and issue of a new control certificate after review of a licence.

37.(1) When a licensing board makes a decision in terms of the provisions of section 36(1)(a), (b), (c) or (e), the holder of the licence shall not later than the day following the day on which the period allowed for lodging an appeal expires, surrender his licence to the secretary of the licensing board concerned, unless an appeal has been lodged against the decision of that licensing board during such period.

(2) Upon the surrender of a licence in respect of which a licensing board has made a decision in terms of the provisions of section 36(1)(b), (c) or (e), the secretary of the licensing board concerned shall furnish the holder of the licence with a new control certificate in accordance with the decision of that licensing board and the provisions of section 20 shall, except that the licence shall be issued free of charge, apply *mutatis mutandis*.

(3) Any person who contravenes or fails to comply with the provisions of subsection (1) shall be guilty of an offence.

## CHAPTER IX.

### LICENSING APPEAL BOARDS.

Establishment of licensing appeal boards.

38.(1) The Administrator shall, as hereinafter provided, from time to time by notice in the *Provincial Gazette* establish as many licensing appeal boards as he may deem necessary to hear appeals against any decision of a licensing board.

(2) The area of jurisdiction and the seat of a licensing appeal board shall be as the Administrator may determine.

(3) A licensing appeal board shall consist of a chairman and 2 other members.

(4) The chairman of a licensing appeal board shall be a retired judge of the Supreme Court of the Republic or a person who has practised as

van die betrokke lisensie 'n aansoek om 'n nuwe lisensie was, sodanige aansoek ingevolge die bepalings van artikel 19(2)(a) tot en met (h) of artikel 19(3) geweier sou kon word;

- (d) die bevoegdhede by artikel 19(1)(e) verleen, *mutatis mutandis* uitoefen; of
- (e) indien die lisensie opgeskort is, die opskorting onvoorwaardelik intrek of die bevoegdhede in paragraaf (c) genoem, *mutatis mutandis* uitoefen.

(2) Wanneer 'n lisensieraad 'n beslissing ingevolge die bepalings van subartikel (1)(a), (b), (c) of (e) neem, kan hy gelas dat so 'n besigheid, hetsy in sy geheel of gedeeltelik, gestaak word hangende die indiening van 'n appèl teen sodanige beslissing, die uitslag van sodanige appèl, of gedurende die tydperk van uitstel, na gelang van die geval.

(3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1)(a), (b), (c) of (e) of van subartikel (2) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Oorhandiging van 'n lisensie en uitreiking van 'n nuwe kontrolesertifikaat na hersiening van 'n lisensie.

37.(1) Wanneer 'n lisensieraad 'n beslissing ingevolge die bepalings van artikel 36(1)(a), (b), (c) of (e) neem, moet die houer van die lisensie sy lisensie nie later nie as die dag wat volg op die verstryking van die tydperk, wat vir die indiening van 'n appèl toegelaat is, aan die sekretaris van die betrokke lisensieraad oorhandig, tensy 'n appèl teen die beslissing van daardie lisensieraad gedurende sodanige tydperk ingedien is.

(2) By die oorhandiging van 'n lisensie ten opsigte waarvan 'n lisensieraad 'n beslissing ingevolge die bepalings van artikel 36(1)(b), (c) of (e) geneem het, voorsien die sekretaris van die betrokke lisensieraad die houer van die lisensie van 'n nuwe kontrolesertifikaat in ooreenstemming met die besluit van daardie lisensieraad en die bepalings van artikel 20 is, behalwe dat die lisensie kosteloos uitgereik word, *mutatis mutandis* van toepassing.

(3) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree of versuim om daaraan te voldoen is aan 'n misdryf skuldig.

## HOOFSTUK IX.

### LISENSIE-APPÈLRADE.

Instelling van 'n lisensie-appèlraade.

38.(1) Die Administrateur stel, soos hierna bepaal, van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* soveel lisensie-appèlraade in as wat hy nodig ag om appèlle teen enige beslissing van 'n lisensieraad aan te hoor.

(2) Die regsgebied en setel van 'n lisensie-appèlraad is soos deur die Administrateur bepaal.

(3) 'n Lisensie-appèlraad bestaan uit 'n voorsitter en 2 ander lede.

(4) Die voorsitter van 'n lisensie-appèlraad is 'n afgetrede regter van die Hooggeregshof van die Republiek of iemand wat minstens 10 jaar

an advocate for a period of at least 10 years or who is in possession of the legal qualifications and experience which the Administrator deems appropriate.

(5) Of the other 2 members of the licensing appeal board —

- (a) one shall be a person who, in the opinion of the Administrator, has knowledge and practical experience of commerce and industry; and
- (b) the other shall be a person who, in the opinion of the Administrator, has knowledge and practical experience of local government.

(6) The Administrator shall, having regard to the provisions of subsection (4) or (5), as the case may be, appoint an alternate for a member of the licensing appeal board who shall take the place of such member and exercise his powers and fulfil his duties whenever such member of such appeal board is for any reason not able to take part in the proceedings of such appeal board.

(7) A member of a licensing appeal board who is not in the full-time service of the State, shall receive from the Provincial Revenue Fund the remuneration which the Administrator has determined in general or in the case of a particular licensing appeal board and every member shall receive from that fund such travelling allowances as the Administrator may likewise determine.

(8) The Administrator may, by notice in the *Provincial Gazette*, disestablish any licensing appeal board subject to such directions as he may deem expedient in connection with the disposal of any pending matter.

Staff and office facilities for a licensing appeal board.

39.(1) Subject to the laws relating to the Public Service of the Republic, the Administrator shall appoint a secretary for a licensing appeal board and such other staff which may be necessary to perform the administrative and clerical duties in connection with the functions of a licensing appeal board.

(2) The Administrator shall provide the necessary office accommodation for the licensing appeal board and its staff.

Sittings of a licensing appeal board.

40.(1) A sitting of a licensing appeal board shall be held from time to time as the chairman thereof deems fit and such chairman shall determine the day, time and place of any such sitting.

(2) The provisions of section 5(4), (6), (8) and (9) shall apply *mutatis mutandis* to a licensing appeal board.

Disqualifications to be a member of a licensing appeal board.

41. The provisions of section 6 shall apply *mutatis mutandis* in respect of the appointment or the continuance of any person as a member of a licensing appeal board.

Period of office of a member of a licensing appeal board and the filling of any vacancy.

42.(1) The provisions of section 7(1) and (2) shall apply *mutatis mutandis* in respect of the period of office of a member of a licensing appeal board.

as 'n advokaat gepraktiseer het of wat die regs-kwalifikasies en ondervinding het wat die Administrateur geskik ag.

(5) Van die ander 2 lede van 'n lisensie-appelraad moet —

- (a) een 'n persoon wees wat, na die mening van die Administrateur, kennis en praktiese ondervinding van handel en nywerheid het; en
- (b) die ander persoon wat, na die mening van die Administrateur, kennis en praktiese ondervinding van plaaslike bestuur het.

(6) Die Administrateur stel, met inagneming van die bepalings van subartikel (4) of (5), na gelang van die geval, vir 'n lid van 'n lisensie-appelraad 'n plaasvervanger aan wat die plek van sodanige lid inneem en sy bevoegdhede uitoefen en sy pligte vervul wanneer sodanige lid van sodanige appelraad om enige rede nie in staat is om aan die verrigtinge van sodanige appelraad deel te neem nie.

(7) 'n Lid van 'n lisensie-appelraad wat nie in die voltydse diens van die Staat is nie, ontvang uit die Provinsiale Inkomstefonds die besoldiging wat die Administrateur in die algemeen of in die geval van 'n besondere lisensie-appelraad bepaal en elke lid ontvang uit daardie Fonds sodanige reistoelae as wat die Administrateur insgelyks bepaal.

(8) Die Administrateur kan enige lisensie-appelraad, onderworpe aan sodanige opdragte as wat hy dienstig ag in verband met die afhandeling van enige hangende aangeleentheid by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* ontbind.

Personeel van en kantoorgeriewe vir 'n lisensie-appelraad.

39.(1) Behoudens die wette betreffende die Staatsdiens van die Republiek, stel die Administrateur 'n sekretaris vir 'n lisensie-appelraad en sodanige ander personeel aan wat nodig is om die administratiewe en klerklike pligte in verband met die werksaamhede van 'n lisensie-appelraad te vervul.

(2) Die Administrateur voorsien die nodige kantoorgeriewe vir 'n lisensie-appelraad en sy personeel.

Sittings van 'n lisensie-appelraad.

40.(1) 'n Sitting van 'n lisensie-appelraad word van tyd tot tyd na goedgefinke van die voorsitter daarvan gehou en sodanige voorsitter bepaal die dag, tyd en plek van enige sodanige sitting.

(2) Die bepalings van artikel 5(4), (6), (8) en (9) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n lisensie-appelraad.

Onbevoegdhede om 'n lid van 'n lisensie-appelraad te wees.

41. Die bepalings van artikel 6 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die aanstelling of die aanbly van iemand as 'n lid van 'n lisensie-appelraad.

Ampstermyn van 'n lid van 'n lisensie-appelraad en die vulling van enige vakature.

42.(1) Die bepalings van artikel 7(1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die ampstermyn van 'n lid van 'n lisensie-appelraad.

(2) If for any reason a vacancy occurs during the period of office of any member, the Administrator shall, subject to the provisions of section 38(4) and (5), appoint a successor for such member and such successor shall hold office for the unexpired period of office of his predecessor.

Right of appeal against a decision of a licensing board.

43.(1) Any party to the proceedings of a licensing board, other than a party who in terms of the provisions of section 20(1)(a) has undertaken not to appeal, may by a written notice to the secretary of the licensing board concerned, appeal against the decision of such licensing board to the licensing appeal board concerned within the period, in the manner and in accordance with the procedure as prescribed.

(2) The time, date and place for the hearing of an appeal shall be determined by the chairman of the licensing appeal board concerned and notice thereof shall be served at least 10 days before the date so determined by the secretary of that licensing appeal board, on the appellant and on every person to whom, as prescribed, a copy of a notice of appeal shall be served.

Hearing of an appeal.

44.(1) At the hearing of an appeal by a licensing appeal board the appellant and every person on whom, as prescribed, a copy of a notice of appeal shall be served, may appear before the licensing appeal board, or submit a written argument to such licensing appeal board and he shall, if he so appears or so submits a written argument, be a party to the appeal.

(2) The provisions of section 18(2) to (7) inclusive, shall apply *mutatis mutandis* in connection with the hearing of an appeal by a licensing appeal board: Provided that a party to an appeal, except with the permission of the licensing appeal board, shall not be entitled to give evidence or call witnesses at such hearing.

(3) The hearing of an appeal shall be confined to the grounds stated in the notice of appeal.

Decision of a licensing appeal board.

45.(1) A licensing appeal board shall have the powers conferred on a licensing board by sections 19 and 36(1) and may —

- (a) dismiss the appeal and confirm the decision of the licensing board;
- (b) uphold the appeal in whole or in part and substitute its decision for the decision of a licensing board or vary the decision of a licensing board;
- (c) remit the matter to the licensing board concerned with such direction as it may deem fit; or
- (d) postpone the consideration of the appeal to obtain further information from the licensing board concerned or for any other reason.

(2) A licensing appeal board shall, simultaneously with its decision or as soon as practicable thereafter, give written reasons for such decision.

(3) Any party to an appeal before a licensing appeal board shall on his request and upon pay-

(2) Indien 'n vakature om enige rede gedurende die ampstermyn van 'n lid ontstaan, stel die Administrateur, behoudens die bepalings van artikel 38(4) en (5), 'n opvolger vir so 'n lid aan en so 'n opvolger beklee sy amp vir die onverstreke ampstermyn van sy voorganger.

Reg van appèl teen 'n beslissing van 'n lisensieraad.

43.(1) Enige party by die verrigtinge van 'n lisensieraad, uitgenome 'n party wat ingevolge die bepalings van artikel 20(1)(a) onderneem het om nie te appelleer nie, kan, by skriftelike kennisgewing aan die sekretaris van die betrokke lisensieraad teen sodanige lisensieraad se beslissing appelleer, na die betrokke lisensie-appèlraad binne die tydperk, op die wyse en volgens die prosedure soos voorgeskryf.

(ii) "sale by retail", in relation to goods, means the sale and supply in any quantity of goods which have not been manufactured or produced to the order of any person and which are sold to a person who is not a manufacturer, for his own use or consumption and not for resale.

melkdranke, tee, koffie, suiker, roomys, brood, bolletjies, beskuit, beskuitjies, pasteigebak, koek, lekkers, ertappelskyfies, suikergoed, sjokolade en grondboontjies.

(ii) *Toiletbenodigdhede:*

Seep, haarmiddels (insluitende petroleumjellie), skeerroom en -seep, tandepasta, tandeborsels, kamme, skeerlemmetjies en skeerkwaste.

(iii) *Rokersbenodigdhede:*

Sigarette, tabak, vuurhoutjies, pype, sigare, snuif, pypskoonmakers, vuurstene, brandstof en aanstekers.

(iv) *Diverse:*

Nuusblaaie, die klubtydskrif, die klubdagboek en speelkaarte; of

(f) deur die Raad vir Openbare Oorde, by artikel 5 van die Ordonnansie op Openbare Oorde, 1969 (Ordonnansie 18 van 1969) ingestel, in 'n gebied van 'n openbare oord in Bylae I van genoemde Ordonnansie omskryf.

(3) 'n Plaaslike bestuur kan magtiging verleen vir die dryf, sonder 'n lisensie, van 'n besigheid —

(a) op 'n perseel waarop Bantoebier deur 'n plaaslike bestuur verkoop word en waarop die reg om bedoelde besigheid te dryf, tot Bantoeperone of Asiërs beperk is; of

(b) in 'n munisipale marksaal waarin die reg om bedoelde besigheid te dryf aldus beperk is.

(4)(a) Uitgenome waar anders bepaal, is die bepalings van hierdie Ordonnansie nie van toepassing nie op 'n fabrikant ten opsigte van —

(i) die verkoop van goedere deur hom in die Republiek vervaardig of geproduseer behalwe ten opsigte van die verkoop deur sodanige fabrikant van sodanige goedere by die kleinmaat; of

(ii) die koop van grondstowwe (insluitende lewende hawe en ander landbouprodukte) vir sy eie vervaardigingsdoeleindes.

(b) Vir die toepassing van hierdie subartikel beteken —

(i) "fabrikant" enige persoon of vereniging van persone of maatskappy wat hom in die Republiek toelê op die produksie van 'n afgewerkte artikel uit grondstowwe of uit 'n samestelling van ander artikels en stowwe; en

(ii) "verkoop by die kleinmaat", met betrekking tot goedere, die verkoop en verskaffing in enige hoeveelheid van goedere wat nie op die bestelling van iemand vervaardig of geproduseer is nie en wat aan iemand, wat nie 'n fabrikant is nie, vir sy eie gebruik of verbruik en nie vir herverkoop nie, verkoop word.

Amendment  
of Schedule  
I by the  
Admini-  
strator.

60.(1) The Administrator may at any time by notice in the *Provincial Gazette* and with effect from a date to be specified therein, amend Schedule I to this Ordinance by amending or deleting any of the items set out therein or by the addition thereto of further items.

(2) A copy of the notice referred to in subsection (1) shall be tabled in the Provincial Council within 7 days after promulgation of such notice in the *Provincial Gazette* if the Provincial Council is then sitting or, if the Provincial Council is not then sitting, within 7 days of the commencement of its next ensuing sitting.

Regula-  
tions.

61.(1) The Administrator may make regulations, not inconsistent with the provisions of this Ordinance, in respect of any of the following matters:

- (a) The procedure at any sitting of a licensing board or a licensing appeal board;
- (b) any application form, notice, licence, permit, certificate, receipt, register, record or any other document necessary for the purpose of this Ordinance and the manner in which any such document shall be kept in safe custody;
- (c) the manner in which the minutes of the proceedings of and record of evidence given before a licensing board or a licensing appeal board shall be kept;
- (d) the fees payable for any application, transfer or permit;
- (e) the issue of any duplicate of any licence, permit, certificate or any other document and the fees payable therefor;
- (f) the procedure to be followed by a party who wishes to peruse and to make an extract from or a copy of a document or record of the proceedings of a licensing board or a licensing appeal board and the fees payable therefor;
- (g) the payment from the Provincial Revenue Fund of witness' fees to a person who has been summoned by a licensing board or licensing appeal board;
- (h) the issue of any receipt for the purposes of this Ordinance;
- (i) the duties and powers of the secretary and staff of a licensing board or a licensing appeal board;
- (j) the remuneration and allowances of members of a licensing board or licensing appeal board;
- (k) the prohibition, restriction, regulation and control of the carrying of the business of a hawker outside a municipality;
- (l) the requirements and conditions for the issue to an employee or agent of a holder of a hawker's licence, of a permit to hawk on his behalf and the fees payable therefor; and

Wysigings  
van Bylae  
I deur die  
Admini-  
strateur.

60.(1) Die Administrateur kan te eniger tyd by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en met ingang van 'n datum wat daarin gespesifiseer word, Bylae I by hierdie Ordonnansie wysig deur enige van die items wat daarin uiteengesit word, te verander of te skrap of deur verdere items toe te voeg.

(2) 'n Afskrif van 'n kennisgewing in subartikel (1) genoem, word in die Provinsiale Raad ter tafel gelê binne 7 dae na afkondiging van sodanige kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, indien die Provinsiale Raad dan sit of, indien die Provinsiale Raad dan nie sit nie, binne 7 dae na die aanvang van sy eersvolgende sitting.

Regulasies.

61.(1) Die Administrateur kan regulasies, wat nie met hierdie Ordonnansie onbestaanbaar is nie, maak ten opsigte van enige van die volgende aangeleenthede:

- (a) Die prosedure by enige sitting van 'n lisensieraad en 'n lisensie-appèlraad;
- (b) enige aansoekvorm, kennisgewing, lisensie, permit, sertifikaat, kwitansie, register, rekord of enige ander dokument wat vir die toepassing van hierdie Ordonnansie nodig is en die wyse waarop enige sodanige dokument in veilige bewaring gehou moet word;
- (c) die wyse waarop die notule van die verrigtinge van en die verslag van die getuienis voor 'n lisensieraad en 'n lisensie-appèlraad gehou moet word;
- (d) die gelde wat vir enige aansoek, oordrag of permit betaalbaar is;
- (e) die uitreiking van 'n duplikaat van enige lisensie, permit, sertifikaat of ander dokument en die gelde daarvoor betaalbaar;
- (f) die prosedure wat gevolg moet word deur 'n party wat wens insae te kry in en 'n uittreksel uit of 'n afskrif wens te maak van 'n dokument of die oorkonde van die verrigtinge van 'n lisensieraad of 'n lisensie-appèlraad en die gelde daarvoor betaalbaar;
- (g) die betaling uit die Provinsiale Inkomstefonds van getuiegeld aan 'n persoon wat deur 'n lisensieraad of 'n lisensie-appèlraad gedagvaar word;
- (h) die uitreiking van enige kwitansie vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie;
- (i) die pligte en bevoegdhede van die sekretaris en personeel van 'n lisensieraad of lisensie-appèlraad;
- (j) die besoldiging en toelaes van lede van 'n lisensieraad of 'n lisensie-appèlraad;
- (k) die verbod, beperking, reëling en beheer van die dryf van die besigheid van smous buite 'n munisipaliteit;
- (l) die vereistes en voorwaardes vir die uitreiking aan 'n werknemer of agent van 'n houer van 'n smouslisensie van 'n permit om namens hom te smous en die gelde daarvoor betaalbaar; en

(m) any other matter which he considers necessary or expedient for achieving the objects and purposes of this Ordinance, the generality of this paragraph not being limited to matters expressly referred to in this subsection.

(2) Any regulation made in terms of the provisions of subsection (1) may provide for a penalty for any contravention thereof, but no penalty shall exceed a fine of R200 or imprisonment for a period of 6 months or both such fine and imprisonment.

Form of documents.

62. Subject to the provisions of this Ordinance, the Administrator may determine the form and contents of any document referred to in section 61(1)(b).

By-laws and regulations of a local authority.

63.(1) Subject to the provisions of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939) and the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance 20 of 1943), in respect of the procedure which shall be followed in the making, approval and promulgation of any by-law or regulation, by-laws and regulations which are not inconsistent with the provisions of this Ordinance may be made by or for any local authority in respect of any of the following matters:

- (a) The control and inspection of and supervision over any business required to be licensed in terms of the provisions of this Ordinance or exempted from being licensed; and
- (b) the prohibition, restriction, regulation and control of the carrying on of the business of a hawker within a municipality.

(2) Any by-law or regulation made in terms of the provisions of this section may provide a penalty for any contravention thereof but no penalty shall exceed a fine of R200 or imprisonment for a period of 6 months or both such fine and imprisonment.

Effect of this Ordinance on other ordinances and regulations.

64.(1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3), the provisions of this Ordinance shall not affect the provisions of any other ordinance or any by-law or regulation made in terms of such ordinance, in so far as such other ordinance, by-law or regulation relates to the control and supervision over or the regulation and inspection of a business.

(2) Any power granted to a local authority by any other ordinance, by-law or regulation made in terms of such an ordinance to licence trades and occupations or to levy and collect inspection, supervision, registration or regulating fees in respect thereof, shall lapse from the date referred to in section 68(1). Provided that the provisions of this subsection shall not affect the provisions of sections 80(99), 132(8), 132(9), 132(9)bis and 132(9)ter of the Local Government Ordinance, 1939.

(m) enige ander aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag om die oogmerke en doelstellings van hierdie Ordonnansie te bereik, die algemeenheid van hierdie paragraaf nie beperk te word tot aangeleenthede uitdruklik in hierdie subartikel genoem nie.

(2) Enige regulasie kragtens die bepalings van subartikel (1) gemaak, kan 'n straf bepaal vir enige oortreding daarvan, maar geen straf mag 'n boete van R200 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van 6 maande of sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf oorskry nie.

Vorm van dokumente.

62. Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie kan die Administrateur die vorm en inhoud van enige dokument, in artikel 61(1)(b) genoem, bepaal.

Verordeninge of regulasies van 'n plaaslike bestuur.

63.(1) Behoudens die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), en die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie 20 van 1943), ten opsigte van die prosedure wat gevolg moet word by die opstel, goedkeuring en afkondiging van enige verordening of regulasie, kan enige verordening of regulasie wat nie met die bepalings van hierdie Ordonnansie onbestaanbaar is nie, deur of vir enige plaaslike bestuur ten opsigte van enige van die volgende aangeleenthede opgestel word:

- (a) Die beheer en inspeksie van en toesig oor enige besigheid wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie gelisensieer moet word of van lisensieëring vrygestel is; en
- (b) die verbod, beperking, reëling en beheer van die dryf van die besigheid van 'n smous binne 'n munisipaliteit.

(2) Enige verordening of regulasie kragtens die bepalings van subartikel (1) opgestel kan 'n straf bepaal vir enige oortreding daarvan, maar geen straf mag 'n boete van R200 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van 6 maande of sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf oorskry nie.

Uitwerking van hierdie Ordonnansie op ander ordonnansies en regulasies.

64.(1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3), doen die bepalings van hierdie Ordonnansie geen afbreuk nie aan die bepalings van enige ander ordonnansie of enige verordening of regulasie kragtens so 'n ordonnansie gemaak, vir sover sodanige ander ordonnansie, verordening of regulasie op die beheer en toesig oor of reëling en inspeksie van 'n besigheid betrekking het.

(2) Enige bevoegdheid aan 'n plaaslike bestuur verleen by enige ander ordonnansie, verordening of regulasie kragtens so 'n ordonnansie gemaak om handelsbesighede en beroepe te lisensieer of om 'n inspeksie-, toesig-, registrasie- of reguleringsgelde ten opsigte daarvan te hef of te vorder, vervel vanaf die datum in artikel 68(1) genoem: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie die bepalings van artikels 80(99), 132(8), 132(9), bis en 132(9)ter van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, raak nie.

(3) If the provisions of any other ordinance or by-law or regulation made in terms of such ordinance are in conflict with the provisions of this Ordinance, the provisions of this Ordinance shall prevail.

Lapsing and renewal of existing licences and application for new licences for 1975.

65.(1) Any licence issued —

- (a) in terms of the provisions of the Licences Act, 1962 (Act 44 of 1962); or
- (b) by a local authority in terms of a power granted to it by the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939),

shall, subject to the provisions of subsection (2), be deemed to have been issued in terms of the provisions of this Ordinance and shall lapse on the 31st December, 1974.

(2) The provisions of section 23 shall apply *mutatis mutandis* in connection with the renewal of a licence contemplated in subsection (1) if the licence which is applied for will grant substantially the same authority to trade as the licence which has lapsed: Provided that if a dispute arises in this connection between the holder of the licence which has lapsed and the issuing authority concerned, the chairman of the licensing board concerned shall settle such dispute.

(3) An application for a new licence for a business which will be carried on during 1975 may from the 1st November, 1974, be submitted to the licensing board concerned for disposal in terms of the provisions of Chapter IV.

(4) Where in terms of the provisions of this Ordinance a new licence for an existing business is required and an application for such licence —

- (a) has on the 31st December, 1974, not yet been disposed of; or
- (b) has been disposed of prior to that date but a licence has not been issued in terms of the provisions of section 20(1),

the applicant may, unless the chairman of the licensing board concerned determines otherwise, continue to carry on the business until a decision has been given in connection therewith or until the licence concerned has been issued, as the case may be.

Inspection by Provincial Auditor and authorized persons.

66.(1) The Provincial Auditor may at any time cause an inspection to be made of the records of and the revenue collected by a local authority on behalf of a licensing board or as an issuing authority in terms of the provisions of this Ordinance and for that purpose the provisions of sections 59, 60 and 61 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), shall apply *mutatis mutandis*.

(2) The Provincial Secretary or a local authority may authorize any person to conduct any inspection which the Provincial Secretary or local authority deems necessary for the purpose of ensuring that the provisions of this Ordinance are observed.

Verval van hernuwing van bestaande lisensies en aansoek om nuwe lisensies vir 1975.

65.(1) Enige lisensie wat uitgereik is —

- (a) ingevolge die bepalinge van die Wet op Lisensies, 1962 (Wet 44 van 1962); of
- (b) deur 'n plaaslike bestuur ingevolge 'n bevoegdheid aan hom verleen by die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939),

word, behoudens die bepalinge van subartikel (2), geag ingevolge die bepalinge van hierdie Ordonnansie uitgereik te gewees het en verval op die 31ste Desember 1974.

(2) Die bepalinge van artikel 23 is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met die hernuwing van 'n lisensie in subartikel (1) beoog indien die lisensie waarom aansoek gedoen word, wesenlik dieselfde magtiging om 'n besigheid te dryf sal verleen as die lisensie wat verval het: Met dien verstande dat indien daar 'n geskil in hierdie verband ontstaan tussen die houër van die lisensie wat verval het en die betrokke uitreikingsowerheid, die voorsitter van die betrokke lisensieraad sodanige geskil besleg.

(3) 'n Aansoek om 'n nuwe lisensie vir 'n besigheid wat gedurende 1975 gedryf sal word, kan vanaf die 1ste November 1974 by die betrokke lisensieraad ingedien word vir afhandeling ingevolge die bepalinge van Hoofstuk IV.

(4) Waar ingevolge die bepalinge van hierdie Ordonnansie 'n nuwe lisensie vir 'n bestaande besigheid vereis word en die aansoek vir sodanige lisensie —

- (a) nie op die 31ste Desember 1974 afgehandel is nie; of
- (b) voor daardie datum afgehandel is maar ingevolge die bepalinge van artikel 20(1), 'n lisensie nog nie uitgereik is nie,

kan die aansoeker, tensy die voorsitter van die betrokke lisensieraad anders bepaal, voortgaan om die besigheid te dryf totdat 'n beslissing daaroor gegee is of totdat die betrokke lisensie uitgereik word, na gelang van die geval.

Inspeksie deur Provinsiale Ouditeur en gemagtigde persone.

66.(1) Die Provinsiale Ouditeur kan te eniger tyd 'n inspeksie laat uitvoer van die rekords van en die inkomste ingevorder deur 'n plaaslike bestuur namens 'n lisensieraad of as 'n uitreikingsowerheid ingevolge die bepalinge van hierdie Ordonnansie en vir daardie doel is die bepalinge van artikels 59, 60 en 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, (Ordonnansie 17 van 1939), *mutatis mutandis* van toepassing.

(2) Die Provinsiale Sekretaris of 'n plaaslike bestuur kan enige persoon magtig om enige inspeksie uit te voer wat die Provinsiale Sekretaris of sodanige plaaslike bestuur nodig ag vir die doel om te verseker dat die bepalinge van hierdie Ordonnansie nagekom word.

Repeal of laws.

67.(1) The Licences Act, 1962 (Act 44 of 1962), is hereby repealed in respect of its application in the Province of Transvaal.

(2) The Ordinances referred to in Schedule II of this Ordinance are hereby repealed.

Date of operation.

68.(1) This Ordinance shall, subject to the provisions of subsection (2), come into operation on the 1st January, 1975.

(2) In so far as it may be necessary for the submission, dealing with, hearing, consideration or disposal of any application for a new licence or for the renewal of a licence in terms of the provisions of section 65 and the issue of a licence in respect of such application granted by a licensing board, this Ordinance shall come into operation on the 1st November, 1974.

Short title.

69. This Ordinance shall be called the Licences Ordinance, 1974.

Herroeping van wette.

67.(1) Die Wet op Lisensies, 1962 (Wet 44 van 1962), word hierby herroep ten opsigte van die toepassing daarvan in die Provinsie Transvaal.

(2) Die Ordonnansies in Bylae II van hierdie Ordonnansie vermeld, word hierby herroep.

Datum van inwerking-treding.

68.(1) Hierdie Ordonnansie tree, behoudens die bepalings van subartikel (2), op die 1ste Januarie 1975 in werking.

(2) Vir sover dit nodig is vir die indiening, behandeling, verhoor, oorweging of afhandeling van enige aansoek om 'n nuwe lisensie of om die hernuwing van 'n lisensie ingevolge die bepalings van artikel 65 en die uitreiking van 'n lisensie ten opsigte van sodanige aansoek wat deur 'n lisensieraad toegestaan word, tree hierdie Ordonnansie op die 1ste November 1974 in werking.

Kort titel.

69. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Lisensies, 1974.

SCHEDULE I.

INDEX.

| <i>Business or trade</i>                              | <i>Item</i> |
|-------------------------------------------------------|-------------|
| Accommodation establishment                           | 46          |
| Auctioneer                                            | 2           |
| Baker                                                 | 5           |
| Barber or hairdresser                                 | 6           |
| Butcher                                               | 41          |
| Café keeper                                           | 20          |
| Caterer                                               | 44          |
| Chemist                                               | 4           |
| Cobbler                                               | 39          |
| Commercial traveller                                  | 17          |
| Crèche or nursery school                              | 21          |
| Cycle dealer                                          | 10          |
| Dairy farm                                            | 25          |
| Dairy-shop                                            | 26          |
| Dealer in aerated or mineral water                    | 15          |
| Dealer in bones and used goods                        | 11          |
| Dealer in fireworks                                   | 16          |
| Dealer in household, patent and proprietary medicines | 12          |
| Dealer in motor vehicles                              | 13          |
| Dealer or speculator in livestock or produce          | 14          |
| Debt collector                                        | 40          |
| Disinfector or fumigator                              | 30          |
| Eating-house keeper                                   | 8           |
| Estate agency                                         | 9           |
| Fishmonger and fish frier                             | 51          |
| Food manufacturer                                     | 52          |
| Fruit, vegetable and plant dealer                     | 53          |
| Funeral undertaker                                    | 7           |
| General dealer                                        | 3           |
| Hawker                                                | 42          |
| Hiring service                                        | 47          |
| Kennels or pets' boarding establishment               | 18          |
| Laundry or dry-cleaner                                | 54          |
| Laundry or dry-cleaning receiving depot               | 55          |
| Livery stable or riding-school keeper                 | 19          |
| Mail-order business                                   | 37          |
| Market agent                                          | 23          |
| Milk depot                                            | 24          |
| Miller                                                | 27          |
| Motor garage                                          | 28          |
| Motor vehicle attendant                               | 29          |
| Offensive trades                                      | 1           |
| Parkade                                               | 34          |
| Passenger transport undertaking                       | 35          |
| Pawnbroker                                            | 33          |
| Physical culture or health centre                     | 22          |
| Place of entertainment                                | 50          |
| Poultry farming                                       | 36          |
| Recreation ground                                     | 31          |
| Restaurant keeper                                     | 38          |
| Salesman                                              | 48          |
| Special licence                                       | 43          |
| Street photographer                                   | 45          |
| Vending machine keeper                                | 49          |
| Warehouse                                             | 32          |
| Workshop                                              | 56          |

BYLAE I.

INHOUDSOPGAWE.

| <i>Besigheid of beroep</i>                               | <i>Item</i> |
|----------------------------------------------------------|-------------|
| Aanstootlike bedrywe                                     | 1           |
| Afslaer                                                  | 2           |
| Algemene handelaar                                       | 3           |
| Apteker                                                  | 4           |
| Bakker                                                   | 5           |
| Barbier of haarkapper                                    | 6           |
| Begrafnisondernemer                                      | 7           |
| Eethuisher                                               | 8           |
| Eiendomsagentskap                                        | 9           |
| Fietshandelaar                                           | 10          |
| Handelaar in bene en gebruikte goedere                   | 11          |
| Handelaar in huishoudelike, patent- en eiendoms medisyne | 12          |
| Handelaar in motorvoertuie                               | 13          |
| Handelaar of spekulant in lewende hawe of produkte       | 14          |
| Handelaar in spuit- of mineraalwater                     | 15          |
| Handelaar in vuurwerk                                    | 16          |
| Handelsreisiger                                          | 17          |
| Hondehokke of troeteldierlosiesinrigting                 | 18          |
| Huurstal- of ryskoolhouer                                | 19          |
| Kafeehouer                                               | 20          |
| Kinderbewaarpark of kleuterskool                         | 21          |
| Liggaamsontwikkeling- of gesondheidsentrum               | 22          |
| Markagent                                                | 23          |
| Melkdepot                                                | 24          |
| Melkplaas                                                | 25          |
| Melkwinkel                                               | 26          |
| Meulenaar                                                | 27          |
| Motorgarage                                              | 28          |
| Motorvoertuigoppasser                                    | 29          |
| Ontsmetter of beroker                                    | 30          |
| Ontspanningsterrein                                      | 31          |
| Pakhuis                                                  | 32          |
| Pandjieshouer                                            | 33          |
| Parkade                                                  | 34          |
| Passasiersvervoeronderneming                             | 35          |
| Pluimveeboerdery                                         | 36          |
| Posbestellingsonderneming                                | 37          |
| Restauranthouer                                          | 38          |
| Skoenmaker                                               | 39          |
| Skuldinvorderaar                                         | 40          |
| Slagter                                                  | 41          |
| Smous                                                    | 42          |
| Spesiale lisensie                                        | 43          |
| Spysenier                                                | 44          |
| Straatfotograaf                                          | 45          |
| Verblyfsonderneming                                      | 46          |
| Verhuurdiens                                             | 47          |
| Verkoopsman                                              | 48          |
| Verkoopsoutomaathouer                                    | 49          |
| Vermaaklikheidsplek                                      | 50          |
| Vishandelaar en -bakker                                  | 51          |
| Voedselvervaardiger                                      | 52          |
| Vrugte-, groente- en plantehandelaar                     | 53          |
| Wassery of droogskoonmakery                              | 54          |
| Wassery- of droogskoonmakery-ontvangsdepot               | 55          |
| Werkswinkel                                              | 56          |

## SCHEDULE I.

*Item 1: Offensive trades.*

- (1) The fee for this licence shall be R30 per year.
- (2) A separate licence shall be required by a person who carries on any one of the following businesses:
- (a) Boiling or drying bones or blood, sterilizing animal hair, manufacturing gum or glue, extracting fat by boiling or melting fat or tallow or grinding bones or other animal substances into meal;
  - (b) scraping cleaning or boiling intestines or offal;
  - (c) burning charcoal, coke or lime;
  - (d) dressing or tanning leather or curing hides or skins;
  - (e) manufacturing malt;
  - (f) selling or offering or exposing for sale the raw meat of any equine;
  - (g) manufacturing soap or candles;
  - (h) making bricks or excavating, dressing or crushing stone;
  - (i) manufacturing yeast; or
  - (j) manufacturing flock or down.

(3) The holder of a licence in respect of any business referred to in paragraph (2) may also in terms thereof buy the raw materials and animal products necessary for the carrying on of his business and sell or exchange the manufactured or processed product.

*Exemption.*

Any person in respect of the carrying on by him of the businesses referred to in paragraphs (2)(a), (b) or (d) on the premises of an abattoir as defined in the Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Act 1967 (Act 87 of 1967).

*Item 2: Auctioneer.*

- (1) The fee for this licence shall be R30 per year.
- (2) This licence shall be required by a person who carries on business by selling any goods, including livestock, live poultry and immovable property, by public auction where the highest bidder whether bidding by the rise or by the fall becomes the purchaser.
- (3) A holder of this licence may also in terms thereof sell livestock, live poultry and immovable property, out of hand on the day on which it is offered by public auction.
- (4) This licence shall be valid for the whole Province.
- (5) This licence shall only be issued to an individual and issued in his name and shall also be required by any person who as employee of a holder of this licence, holds sales by public auction on behalf of his employer.
- (6) This licence shall not authorize the sale by public auction of new or unused goods, except when such sale takes place on behalf of and on the business premises of the holder of a licence in terms of which such holder is entitled to sell such goods.
- (7) For the purpose of paragraph (6), the expression "new or unused goods" shall mean any goods which have not been in use previously or which have not been possessed for his own account by any person other than the manufacturer or producer thereof or any person dealing therewith in the course of business.

## BYLAE I.

*Item 1: Aanstootlike bedrywe.*

- (1) Die geld vir hierdie lisensie is R30 per jaar.
- (2) 'n Afsonderlike lisensie word vereis van iemand wat enigeen van die volgende besighede dryf:
- (a) Bene of bloed kook of droogmaak, dierehare steriliseer, gom of lym vervaardig, vet uitkook of vet of talk smelt of bene of ander dierlike bestanddele tot meel maal;
  - (b) derms of afval skraap, skoonmaak of kook;
  - (c) houtskool, kooks of kalk brand;
  - (d) leer, brei of looi of huide of velle insout;
  - (e) mout vervaardig;
  - (f) rou vleis van lede van die perdefamilie verkoop of te koop aanbied of vir verkoop uitstal;
  - (g) seep of kerse vervaardig;
  - (h) stene maak, klip uitgrawe, bewerk of vergruis;
  - (i) suurdeeg vervaardig; of
  - (j) vlok of dons vervaardig.

(3) Die houer van 'n lisensie ten opsigte van enige besigheid in paragraaf (2) genoem, kan daarkragtens ook die grondstowwe en dierlike produkte wat vir die dryf van sy besigheid nodig is, koop en die vervaardigde of verwerkte produk verkoop of verruil.

*Vrystelling.*

Iemand ten opsigte van die dryf deur hom van die besighede in paragrawe (2)(a), (b) of (d) genoem op die perseel van 'n abattoir soos omskryf in die Wet op Hygiëne by Dierslag, Vleis en Dierlike Produkte, 1967 (Wet 87 van 1967).

*Item 2: Afslaer.*

- (1) Die geld vir hierdie lisensie is R30 per jaar.
- (2) Hierdie lisensie word vereis van iemand wat besigheid dryf deur enige goedere, met inbegrip van lewende hawe, lewende pluimvee en onroerende eiendom, per openbare veiling te verkoop waar die hoogste bieder, hetsy daar by wyse van styging of by wyse van daling gebie word, die koper word.
- (3) 'n Houer van hierdie lisensie kan daarkragtens ook lewende hawe, lewende pluimvee en onroerende eiendom uit die hand verkoop op die dag waarop dit per openbare veiling aangebied word.
- (4) Hierdie lisensie is geldig vir die hele Provinsie.
- (5) Hierdie lisensie word alleenlik aan 'n individu toegestaan en in sy naam uitgereik, en word ook vereis van iemand wat as werknemer van 'n houer van hierdie lisensie, verkopings per openbare veiling ten behoeve van sy werkgewer hou.
- (6) Hierdie lisensie magtig nie die verkoop per openbare veiling van nuwe of ongebruikte goedere nie, uitgenome waar sodanige verkoop plaasvind ten behoeve en op die besigheidsperseel van 'n houer van 'n lisensie waarkragtens sodanige houer geregtig is om sodanige goedere te verkoop.
- (7) Vir die toepassing van paragraaf (6), beteken die uitdrukking "nuwe of ongebruikte goedere" enige goedere wat nog nie in gebruik was nie of wat nog nie te eniger tyd vir sy eie rekening besit was nie deur enigiemand anders as die vervaardiger of produsent daarvan of iemand wat in die loop van besigheid daarmee handel.

*Exemptions.*

(A) A messenger of court or his deputy or a sheriff or his deputy, or any other duly authorized officer of the court and a market master or a poundmaster when acting in his capacity as such.

(B) Any person appointed to sell movable or immovable property for or on behalf of the State or a local authority, when acting in terms of such appointment.

(C) Any person acting in terms of an appointment to sell by auction on behalf of a society or an association for the promotion of agriculture or the improvement of livestock or poultry at an agricultural show or a market held by such society or association: Provided that this exemption shall not apply in respect of sales at more than 4 shows or markets held in any one year in the Province on behalf of any one society or association: Provided further that any sale at any such show or market shall not continue for more than 4 days.

(D) The holder of a licence of dealer or speculator in livestock or produce, in respect of sales by him by public auction in the course of business done by him in terms of the said licence.

*Item 3: General dealer.*

(1) The fee for this licence shall be as follows:

- (a) Where the average value of stock on hand does not exceed R5 000 .... R30 per year.
- (b) Where the average value of stock on hand exceeds R5 000, on that portion of such value —
  - (i) which does not exceed R5 000 R30 per year;
  - (ii) which exceeds R5 000 —
    - for every R5 000 or portion thereof .... R10 per year but shall not exceed a maximum payment of R1 000 per year.

(2) This licence shall be required by a person who carries on business by selling, exchanging or offering or exposing for sale or exchange goods, wares, foodstuffs, produce or live animals in, on or from business premises, if any other licence is not required in terms of the provisions of this Ordinance for the carrying on of such business or from a person who sells or supplies by wholesale any medicine, drug or poison.

(3) The holder of this licence may also in terms thereof, buy, exchange, sell or offer or expose for sale the following:

- (a) Aerated or mineral water, cordial, syrup or other beverages of a like nature for consumption off the business premises;
- (b) fresh fruit, fresh vegetables, flowers and plants;
- (c) milk, cream, separated milk, skimmed milk, butter-milk, sour milk, curds or yoghurt in sealed containers in which it is supplied by a dairy farm, milk depot or dairy-shop licensed in terms of the provisions of this Ordinance or any other law;
- (d) a poison or a preparation containing poison, by retail, in respect of which he has been issued with a certificate in terms of section 51 of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928);

*Vrystellings.*

(A) 'n Geregsbode of sy adjunk of 'n Balju of sy adjunk of enige ander behoorlik gemagtigde beampte van die hof en 'n markmeester of skutmeester, wanneer hy in sy hoedanigheid as sodanig optree.

(B) Iemand wat aangestel is om roerende of onroerende eiendom vir of ten behoeve van die Staat of 'n plaaslike bestuur te verkoop, wanneer hy ingevolge so 'n aanstelling optree.

(C) Iemand wat optree ingevolge 'n aanstelling om ten behoeve van 'n genootskap of vereniging vir die bevordering van die landbou en die verbetering van lewende hawe of pluimvee by 'n landboutentoonstelling of 'n mark wat deur sodanige genootskap of vereniging gehou word, by veiling te verkoop: Met dien verstande dat hierdie vrystelling nie van toepassing is nie ten opsigte van verkopings, by meer as 4 tentoonstellings of markte wat in een jaar ten behoeve van een genootskap of vereniging in die Provinsie gehou word: Met dien verstande voorts dat 'n verkoping by so 'n tentoonstelling of mark nie langer as 4 dae duur nie.

(D) Die houer van 'n lisensie van handelaar of spekulant in lewende hawe of produkte, ten opsigte van verkope deur hom per openbare veiling in die loop van die besigheid wat hy ingevolge genoemde lisensie doen.

*Item 3: Algemene handelaar.*

(1) Die geld vir hierdie lisensie is soos volg:

- (a) Waar die gemiddelde waarde van die voorraad voorhande hoogstens R5 000 is: R30 per jaar;
- (b) Waar die gemiddelde waarde van die voorraad voorhande R5 000 te bowe gaan, op dié gedeelte van sodanige waarde —
  - (i) wat nie R5 000 te bowe gaan nie: R30 per jaar;
  - (ii) wat R5 000 te bowe gaan —
    - vir elke R5 000 of gedeelte daarvan: R10 per jaar, maar oorskry nie 'n maksimum betaling van R1 000 per jaar nie.

(2) Hierdie lisensie word vereis van iemand wat besigheid dryf deur in, op of vanaf 'n besigheidspersoneel goedere, ware, voedsel, produkte of lewende diere te verkoop of te verruil, of te koop of te ruil aan te bied of uit te stal, indien daar nie 'n ander lisensie ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie vir die dryf van sodanige besigheid vereis word nie of van iemand wat in die groothandel enige medisyne, verdowingsmiddel of vergif verkoop of verskaf.

(3) Die houer van hierdie lisensie kan daarkragtens ook die volgende koop, verruil, verkoop of te koop aanbied of uitstal:

- (a) Suiet- of mineraalwater, verfrissende drank, stroop of ander drank van 'n dergelike aard, vir gebruik weg van die besigheidspersoneel;
- (b) vars vrugte, vars groente, blomme en plante;
- (c) melk, room, afgeskeide melk, afgeroomde melk, karingmelk, suurmilk, dikmelk of yoghurt in verseelde houers waarin dit verskaf is deur 'n melkplaas, 'n melkdepot of 'n melkwinkel wat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige ander wet gelisensieer is;
- (d) 'n vergif of vergifhoudende preparaat in die kleinhandel ten opsigte waarvan aan hom 'n sertifikaat ingevolge artikel 51 van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), verleen is;

- (e) hides and skins;
- (f) cycles as defined in paragraph (4) of Item 10, as well as cycle spares and accessories if his business premises are situated outside a municipality; and
- (g) raw fish or poultry meat which was supplied in a frozen ready-packed or wrapped or processed form by a food manufacturer, produce or butcher.

(4) The average value of the stock on hand shall be determined as follows:

- (a) In the case of a business which was in existence immediately prior to the date upon which liability for the licence arose —
  - (i) the value of the stock on hand (including the stock purchased and in bond or transit) at the date of stocktaking, as determined at the last stocktaking during the twelve months immediately preceding the date upon which such liability arose;
  - (ii) where there has been no stocktaking within the period prescribed in subparagraph (i), an estimate of the average value of the stock held during the preceding twelve months or such shorter period as the business has been in existence; and
- (b) in the case of a new business, the amount which the person having the control or management of the business to be carried on declares to be the estimated average value of the stock to be held in such business for the period to be licensed.

(5) A business shall be deemed to have been in existence notwithstanding that there may have been a change in ownership or that it may have been removed from the place where it was carried on in terms of a licence issued in respect of the last preceding year.

(6)(a) When a licence is taken out in terms of the provisions of this Item, there shall be furnished to the issuing authority concerned an affidavit by the holder of the licence or by the person who is in actual and effective control of the business or a statement certified by an auditor or accountant, in the form as determined, wherein the value of the stock on hand, calculated in accordance with the provisions of paragraph (4), is specified.

(b) If any person who is required to hold a general dealer's licence carries on or has carried on business without such licence, an authorized officer may estimate the average value of the stock at such amount as he may consider fair and reasonable and thereupon the licence fee calculated in accordance with such estimate shall be payable.

#### *Exemptions.*

(A) A grower of fruit, vegetables, plants or flowers, in respect of the sale of such produce cultivated or grown by himself, and a farmer in respect of the sale of livestock, live poultry or produce bred, cultivated, grown or bought by him in the course of his ordinary farming operations, provided such sale does not take place in, on or from business premises away from the land where the grower grows or cultivates his produce or where the farmer carries on his ordinary farming operations.

(e) huide en velle;

- (f) fietse soos omskryf in paragraaf (4) van Item 10 en ook fietsonderdele en -toebehore indien sy besigheidsperseel buite 'n munisipaliteit geleë is; en
- (g) rou vis of pluimveevleis wat in 'n bevrore klaar verpakte, toegedraaide of geprosesseerde vorm deur 'n voedselvervaardiger of produsent of slagter voorsien is.

(4) Die gemiddelde waarde van die voorraad voorhande word as volg bepaal:

- (a) In die geval van 'n besigheid wat onmiddellik voor die datum waarop aanspreeklikheid vir die lisensie ontstaan, bestaan het —
  - (i) die waarde van die voorraad voorhande (daarby inbegrepe voorraad gekoop en in entrepot of onderweg) op die datum van voorraadopname, soos bepaal by die laaste voorraadopname gedurende die twaalf maande wat die datum onmiddellik voorafgaan waarop sodanige aanspreeklikheid ontstaan; en
  - (ii) waar daar geen voorraadopname gedurende die in subparagraaf (i) voorgeskrewe tydperk was nie, 'n skatting van die gemiddelde waarde van die voorraad gehou gedurende die voorafgaande twaalf maande of sodanige korter tydperk wat die besigheid bestaan het; en
- (b) in die geval van 'n nuwe besigheid, die bedrag wat die persoon wat die besigheid wat gedryf sal word, beheer of bestuur, as die geskatte gemiddelde waarde verklaar van die voorraad wat vir die lisensie-tydperk in sodanige besigheid gehou sal word.

(5) 'n Besigheid word geag te bestaan het nieteenstaande daar 'n verandering van die eiendomsreg was of dat dit verplaas is vanaf die plek waar daar ingevolge 'n lisensie ten opsigte van die onmiddellik voorafgaande jaar uitgereik, besigheid gedryf was.

(6)(a) Wanneer 'n lisensie ingevolge die bepalings van hierdie Item uitgeneem word, word 'n beëdigde verklaring deur die houer van die lisensie of deur die persoon wat in werklike en effektiewe beheer van die betrokke besigheid is of 'n staat gesertifiseer deur 'n rekenmeester of ouditeur, in die vorm soos bepaal, waarin die waarde van die voorraad voorhande, bereken ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (4), aangegee word, aan die betrokke uitreikingsowerheid verstrekk.

(b) Indien iemand van wie 'n algemene handelaarslisensie vereis word sonder so 'n lisensie besigheid dryf of gedryf het, kan 'n gemagtigde beampte die gemiddelde waarde van die voorraad op sodanige bedrag skat as wat hy billik en redelik ag en daarna is die lisensiegeld bereken ooreenkomstig sodanige skatting betaalbaar.

#### *Vrystellings.*

(A) 'n Kweker van vrugte, groente, plante of blomme, ten opsigte van die verkoop van sodanige produkte deur hom gekweek of verbou en 'n boer ten opsigte van die verkoop van lewende hawe, lewende pluimvee of produkte deur hom geteel, gekweek, of verbou of gekoop in die loop van sy gewone boerderybedrywighede, mits sodanige verkoop nie plaasvind nie in, op of vanaf 'n besigheidsperseel weg van die grond waar die kweker sy produkte kweek of verbou of waar die boer sy gewone boerderybedrywighede beoefen.

(B) A builder or contractor, artisan or other person in respect of the supply by him of materials or fixtures in fulfilment of his contract to do any work or as part of work done by him or the sale by him, to order, of the product of his own skill or labour.

*Item 4: Chemist.*

(1) The fee for this licence shall be R30 per year.

(2) This licence shall be required by a person who carries on business by selling or supplying medicines, drugs or poisons by retail or by compounding, dispensing or making up medicines or drugs according to prescription.

(3) This licence shall only be granted to —

(a) an individual entitled to practice as a chemist and druggist in terms of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928); or

(b) a corporate body entitled in terms of the said Act to carry on the business of a chemist and druggist.

(4) A holder of this licence may in terms thereof also sell, offer or expose for sale medical, surgical, orthopaedic and photographic appliances, apparatus and requirements, toilet requisites and such other articles of a like nature as are customarily dealt in by a chemist or druggist.

*Item 5: Baker.*

(1) The fee for this licence shall be R30 per year.

(2) This licence shall be required by a person who carries on business by baking or making bread, rusks, biscuits, cake, rolls, tart, pastry or other flour confectionery.

(3) A holder of this licence may also in terms thereof —

